

# **VERSTAAN** **JESEBEL**

**EN ANDER**  
**PRINSMAGTE**  
**SOOS DIE ANTICHRIS, DOOD EN HEL**



**VIR ALMAL WAT BEGEER OM GOD TE KEN**  
**DEUR**  
**BRADLEY STUART**

# Amanda Buys se Geestelike Dekking

Hierdie is 'n produk deur *Kanaän Bedieninge*, 'n nie-winsgewende bediening onder die dekking van:

- Roly, haar eggenoot vir meer as 35 jaar.
- *River of Life Family Church*  
Pastoor Edward Gibbens  
Vanderbijlpark  
Suid-Afrika  
Tel: +27 16 982 3022  
Faks: +27 16 982 2566  
E-pos: [sharmain@rolfc.co.za](mailto:sharmain@rolfc.co.za)

Daar is geen kopiereg op hierdie materiaal nie. Geen gedeelte van hierdie materiaal mag egter gereproduseer en/of aangebied word vir **persoonlike** gewin nie. Alle regte van hierdie materiaal word voorbehou om die Koninkryk van die Here Jesus Christus **ALLEENLIK** te bevorder.

Vir verdere inligting of die plaas van 'n bestelling, kontak ons asb. by:

Posbus 15253  
Panorama  
7506  
Kaapstad  
Suid-Afrika

John Vorsterrylaan 27  
Plattekloof Uitbr. 1  
Panorama 7500  
Kaapstad  
Suid-Afrika

Tel.: +27 (0) 21 930 7577  
Faks: 086 681 9458  
E-pos: [kanaan@iafrica.com](mailto:kanaan@iafrica.com)  
Webblad: [www.kanaanministries.org](http://www.kanaanministries.org)  
Kantoorure: Maandae tot Vrydae, 9 VM – 3 NM

## Kanaan In Europa

Webblad: [www.eu.kanaanministries.org](http://www.eu.kanaanministries.org)

# INHOUD

ANTICHRIS	4
JESEBEL	8
DOOD EN HEL	12
VERSTAAN JESEBEL 1:	
Jesebel werk deur 'n godsdienstige persoon	16
Jesebel is 'n internasionale prinsmag	16
Jesebel vernietig die profetiese stem	17
Hoe jesebel opereer	17
Bybelse voorbeelde van jesebel in aksie	19
Beskerming teen Jesebel	23
Hoe jesebel ons lewens binnekom	24
VERSTAAN JESEBEL 2:	
Hoe om jesebel te identifiseer	28
Jesebel beïnvloed vir ons, ons gesinne, en ons toekomstige geslagte	36
Hoe word ons bevry van jesebel?	37
JESEBEL-GEES	44
VERLOENINGSGEBED	47

# VERSTAAN PRINSMAGTE EN JESEBEL

**Efes. 6:12** *Want ons worstelstryd is nie teen vlees en bloed nie, maar teen die owerhede, teen die magte, teen die wêreldheersers van die duisternis van hierdie eeu, teen die bose geeste in die lug.*

Ons sien dus hier dat die stryd wat ons stry nie teen mans en vroue is nie, maar teen owerhede, teen magte en teen die heersers van die duisternis.

Ongeveer 12 jaar gelede het iemand met my gedeel, dat sy van 'n prediker gehoor het wat nooit iemand beraad of bedien voordat hy nie eers die drie bene van Satan gebreek het nie.

Hy het dit beskryf as Satan bo-aan, Jesebel daaronder, die Antichris effens na die een kant en die dood en hel na die ander kant. Toe ek daaraan begin dink het, het ek werklik ervaar dat iets in my gees opgewonde raak.

Soos ek vroeër in my lesings genoem het, is ek nie 'n formule- of 'n metodologie leraar nie. Maar, ek dink ons kan sekere dinge hieruit leer wat ons werklik sal help, veral wanneer jy en ek met jong mense te doen het. Baie jong mense het te doen met hierdie owerhede en magte. Wys maar vir enige jong persoon die vredeesteken, en hulle weet wat dit beteken en hulle weet wat dit verteenwoordig. Hulle sal weet ... hulle het dit iewers gesien. Dus, soos ek dit meer en meer beskou het, het die Here my gewys om 'n sirkel daarom te trek – dit gedoen, en toe sien ek die Sataniese vredeesteken. Paulus sê:

**2 Kor. 2:10-11** *Aan wie julle iets vergewe, vergeef ek ook; want wie ek ook vergeef het – as ek iets vergeef het – dit was om julle ontwil voor die aangesig van Christus, sodat ons nie deur die Satan bedrieg sou word nie; want **ons is met sy planne nie onbekend nie.***

Dus gaan ons nou hier kyk na sommige van die vyand se planne.

## ANTICHRIS

Antichris kan in een woord opgesom word ..... REBELLIE

Rebellie is die een 'handelsmerk' woord wat ons alles vertel van Antichris.

**1 Sam. 15:22,23** *Daarop sê Samuel: Het die Here behae in brandoffers en slagoffers soos in gehoorsaamheid aan die stem van die Here? Kyk, om gehoorsaam te wees is beter as slagoffers, om te luister beter as die vet van ramme. **Want wederstrewigheid is 'n sonde van waarsêery, en eiesinnigheid is afgodery en beelddiens. Omdat jy die Woord van die Here verwerp het, het Hy jou as koning verwerp.***

Ons sien dus hier dat ongehoorsaamheid tot rebellie lei. En rebellie is soos die sonde van waarsêery in die Here se oë. Ons sien dus hierin dat rebellie so oorheersend is in ons samelewing ... in ons wêreld vandag, en ons kry so baie te doen met hierdie hele aspek van rebellie.

Ek het vir baie, baie jare gevoel dat daar net een tipe rebellie was. Ek het gedink rebellie is net daardie openlike, duidelike rebellie waarmee ons te doen het. Maar die afgelope paar weke het God aan my gewys dat daar drie vorme van rebellie is.

## 1. OPENLIKE REBELLIE

Openlike uitdaging of trotsering.

Openlike ongehoorsaamheid.

"Ek sal dit nie doen nie! Ek wil dit nie doen nie, en ek gaan dit nie doen nie!"

Of, 'n openlike rebelse persoon sal bloot openlik kom en sê, "Ek daag jou uit! Ek stem nie saam met wat jy sê nie!"

'n Voorbeeld van OPENLIKE REBELLIE word gesien in **Numeri 16:1-5**.

*En Korag, die seun van Jishar, die seun van Kehat, die seun van Levi, saam met Datan en Abiram, seuns van Eliab, en On, die seun van Pelet, seuns van Ruben, het manne geneem, en hulle het opgestaan voor die oë van Moses saam met tweehonderd-en-veftig man uit die kinders van Israel, owerstes van die vergadering, manne wat opgeroep was vir die volksvergadering, manne van naam. **En hulle het bymekaargekom teen Moses en Aaron** en aan hulle gesê: Dit is nou genoeg; want die hele vergadering, hulle almal, is heilig; en die Here is in hulle midde! Waarom verhef julle jul dan oor die vergadering van die Here? Toe Moses dit hoor, het hy op sy aangesig geval; en hy het met Korag en sy hele bende gesprek en gesê: More vroeg, dan sal die Here bekend maak wie Hom toebehoort en wie die heilige is, en wie Hy na Hom laat naderkom: wie Hy uitkies, sal Hy na Hom laat nader kom.*

Hier lees ons van die rebellie van Korag en hoedat hy 'n span bymekaargekry het om opstandig op te tree teenoor Moses ... om hom openlik uit te daag met hulle rebellie. En dit is baie interessant hoedat God gehandel het met Korag se rebellie.

**Numeri 16:24-33** *Sprek met die vergadering en sê: Maak dat julle wegkom rondom die woning van Korag, Datan en Abiram! Toe het Moses opgestaan en na Datan en Abiram gegaan, en die oudstes van Israel het agter hom aan gegaan. Daarop het hy die vergadering toegesprek en gesê: Verwyder julle tog van die tente van hierdie goddelose manne en raak nie aan iets wat aan hulle behoort nie, dat julle nie weens al hulle sondes omkom nie. En hulle het gemaak dat hulle wegkom rondom die woning van Korag, Datan en Abiram; maar Datan en Abiram het uitgekóm en gaan staan by die deur van hulle tente saam met hulle vroue en seuns en kindertjies. Toe sê Moses: Hieraan sal julle weet dat die Here my gestuur het om al hierdie werke te doen, dat hulle nie uit my eie hart is nie: as hierdie mense sterwe soos alle mense sterwe en met die besoeking van alle mense besoek word, dan het die Here my nie gestuur nie.*

*Maar as die Here iets nuuts skep en die grond sy mond oopmaak en hulle verslind met alles wat aan hulle behoort, en hulle lewendig na die doderyk afdaal, dan sal julle weet dat hierdie manne die Here verag het. En toe hy al hierdie woorde klaar gespreek het, **skeur die grond wat onder hulle was, en die aarde het sy mond oopgemaak en hulle verslind saam met hul huisgesinne en al die mense wat aan Korag behoort het en al die goed.***

God het aan Moses gesê om vir Korag en sy rebelse volgelinge te sê om na die een kant van die kamp te gaan – en toe hulle aan daardie kant van die kamp gekom het, het God die aarde oopgemaak, en Hy het hulle ingesluk. Hy het hulle vernietig. En ek wil julle vertel, dat 'n rebelse kind of persoon nie lig daarvan sal afkom nie.

In die Ou Testament lees ons dat indien 'n gesin 'n rebelse kind gehad het, hulle hom na die Ouderlinge van die stad moes neem, en indien daardie kind steeds nie wou gehoorsaam nie, hulle hom moes **stenig tot die dood toe**.

**Deut. 20:18-21** *As iemand 'n koppige en wederstrewige seun het, wat nie luister na die stem van sy vader en na die stem van sy moeder nie, en hulle hom tugtig, maar hy na hulle nie luister nie, dan moet sy vader en sy moeder hom neem en hom uitbring na die oudstes van sy stad en na die poort van sy woonplek, en hulle moet aan die oudstes van sy stad sê: Hierdie seun van ons is **koppig en wederstrewig**, hy luister nie na ons stem nie, hy is 'n deurbringer en dronkaard. Dan moet al die manne van sy stad hom **stenig**, dat hy sterwe. So moet jy dan die **kwaad uit jou midde uitroei**, en die hele Israel sal dit hoor en vrees.*

God ken die mag van rebellie.  
Openlike rebellie is dus maklik om te identifiseer.

## **2. SUBTIELE, SKELM OF GESLEPE REBELLIE**

Dit word gewoonlik gebruik deur die hoogs begaafde individue in die Liggaam en in die wêreld. Die hoogs begaafdes .... die mees vaardiges ... is gewoonlik die mense wat in die strik trap van subtiele, skelm of geslepe rebellie.

'n Voorbeeld hiervan word gevind in **2 Sam. 15:1-6**. Hier lees ons van Absalom, wat graag wou koning wees. Maar hy het nie na sy vader Dawid gegaan en gesê: "Vader Dawid, ek wil koning wees!" Oorhandig asseblief u koningskap aan my!" nie. Wat het hy gedoen? Die Bybel sê hier in Sam 15 dat hy na die poorte van die stad gegaan het, en wanneer die mense gekom het om sy vader te spreek, het hy hulle eenkant geneem en gesê: "Jy weet, as ek koning was, sou ek dit en dat vir jou gedoen het! Ek sal vir jou sorg!"

**2 Sam. 15:1-6** *En daarna het Absalom vir hom 'n wa en perde aangeskaf en vyftig man om voor hom uit te loop. Verder het Absalom gereeld vroeg opgestaan en langs die pad na die poort gaan staan; en Absalom het elkeen wat 'n saak gehad het om na die koning te kom vir regspraak, aangeroop en gesê: Uit watter stad is jy? As hy dan antwoord: U dienaar is uit een van die stamme van Israel – dan sê Absalom vir hom:*

*Kyk, jou saak is goed en reg, mar van die koning se kant sal niemand jou gehoor gee nie. Verder het Absalom gesê: Mag hulle my as regter in die land aanstel, dat elkeen wat 'n geskil of regspraak het, na my kan kom; dan sal ek aan hom reg laat geskied. En elke keer as iemand nader kom om voor hom te buig, steek hy sy hand uit en gryp hom en soen hom. Op die manier het Absalom met al die Israeliete gehandel wat vir regspraak na die koning kom, sodat **Absalom die hart van die manne van Israel gesteel het.***

En die Bybel sê hier aan die einde van vers 6:

***... sodat Absalom die hart van die manne van Israel gesteel het.** En na verloop van vier jaar het Absalom aan die koning gesê: Laat my tog gaan en my gelofte wat ek aan die Here gedoen het, in Hebron betaal.*

Op hierdie slinkse, skelm wyse het Absalom die harte van die mense gesteel. Net so sal 'n hoogs begaafde individu gewoonlik sy/haar gawe en salwing gebruik en hulle sal dit gebruik om te probeer guns verdien en om die harte van die mense te steel. En op 'n baie subtiele wyse sal hulle kom en sê: "Kan ek vir jou raad gee?" "Jy weet, ek voel ek moet vir jou dit of dat sê", maar dit word op verkeerde manier gedoen.

En ek glo dat ons altyd leerbaar en oop moet bly. Maar ons moet versigtig wees om nie dít te verloor wat God vir ons gegee het nie.

### 3. STILLE REBELLIE

Hier wil ek nog 'n Skrif byvoeg:

**Gen. 3:1-7** *Maar die slang was listiger as al die diere van die veld wat die Here God gemaak het. En hy sê vir die vrou: is dit ook so dat God gesê het: Julle mag nie eet van al die bome van die tuin nie? En die vrou antwoord die slang: Van die vrugte van die bome in die tuin mag ons eet, maar van die vrugte van die boom wat in die middel van die tuin is, het God gesê: Julle mag daarvan nie eet nie en dit nie aanroer nie, anders sal julle sterwe. Toe sê die slang vir die vrou: Julle sal gewis nie sterwe nie; maar God weet dat as julle daarvan eet, julle oë sal oopgaan, sodat julle soos God sal wees deur goed en kwaad te ken. Toe sien die vrou dat die boom goed was om van te eet en dat hy 'n lus was vir die oë, ja, 'n boom wat 'n mens kan begeer om verstand te verkry; en **sy neem van sy vrugte en eet en gee ook aan haar man by haar, en hy het geëet.** Toe gaan al twee se oë oop, en hulle word gewaar dat hulle naak is; en hulle het vyeblare aanmekaargewerk en vir hulle skorte gemaak.*

Hier lees ons van die versoeking van Eva.

En toe Eva versoek is, soos ons gesien het in ons vroeëre les oor Geestelike Dekking, toe Eva aangeval is, het Adam nie gepraat om haar te verdedig nie. Hy het stilgebly. Hy het STILLE REBELLIE getoon. En daardie stille rebellie het Eva toegelaat om in die strik van die vyand te trap.

Ons gaan binnekort sien hoedat stille rebellie Jesebel aanspoor tot aksie. Dit is waarom my tweede voorbeeld wys na koning Agab in:

**1 Kon. 21:1-4** *En na hierdie dinge het dit gebeur: Nabot, 'n Jisreëliet, het in Jisreël 'n wingerd gehad, wat langs die paleis van Agab, die koning van Samaria, was. En Agab het met Nabot gespreek en gesê: Gee my jou wingerd, dat dit my groentetuin kan word, want dit is naby, langs aan my huis; dan sal ek jou in die plek daarvan 'n wingerd gee wat beter is; of as dit goed is in jou oë, sal ek jou die koopprys daarvan in silwer gee. Maar Nabot het vir Agab gesê: Mag die Here my daarvoor bewaar dat ek die erfdeel van my vaders aan u sou gee! Toe kom Agab in sy huis, verbitterd en toornig oor die woord wat Nabot, die Jisreëliet, met hom gespreek het, naamlik: Ek mag nie die erfdeel van my vaders aan u gee nie. En hy het op sy bed gaan lê en sy gesig omgedraai en geen brood geëet nie.*

Ons lees hier dat Agab Nabot se wingerd wou gehad het, en Nabot het gesê: " NEE! Dit is my erfenis. Ek wil dit nie verkoop nie, en ek wil dit nie ruil nie". Dus, in plaas daarvan dat Agab aanvaar het wat Nabot gesê het, het hy huis toe gegaan en in stille rebellie gegaan. Dit staan daar dat:

**1 Kon. 21:4** *En hy het op sy bed gaan lê en sy gesig omgedraai en geen brood geëet nie.*

Hy het in stille rebellie gegaan en gewag dat iemand moes reageer.

### **BESEF JULLE DAT DAAR ONGELOOFLIKE GEWELD IN STILTE IS!**

Een van die kragtigste maniere om iemand te straf, is met stilte. God het ons geskape vir verhoudings. Hy het ons geskape om 'n verhouding te hê met Hom EN met mekaar. Dus, wanneer ek my verhouding met jou afsny en stil word, straf ek jou en ek wil jou dwing om te reageer teenoor my. En soms kan stille rebellie baie meer aggressief wees as openlike rebellie omdat dit so subtiel is in die wyse waarop dit te werk gaan. Ons moet op ons hoede wees vir die mag van stille rebellie.

### **DUS, ANTICHRIS IS HOOFSAAKLIK:**

- REBELLIE
- OPENLIKE REBELLIE
- SKELM, VERNUFTIG EN SUBTIELE REBELLIE
- STILLE REBELLIE



## **JESEBEL**

Hier moet ek 'n regstelling maak. In die meeste van my notas in vroeëre lerings, sien ek dat ek verwys het na die Jesebel gees.

JESEBEL IS NIE 'N GEES NIE.

### **DIT IS 'N WÊRELD-PRINSMAG (OWERHEID) EN 'N WÊRELDMAG!**

En ons sal dit sien wanneer ons Jesebel in meer detail bestudeer.

Dus, ek wil sê dat Jesebel 'n wêreld-owerheid en wêreldmag is. Jesebel kan in een woord opgesom word .... HEKSERY!  
Heksery is die een woord wat hierdie owerheid beskryf.

Ek wil hê jy moet in **Open. 2:20** die volgende sien: ***Maar Ek het enkele dinge teen jou, dat jy die vrou Isebel, wat haarself 'n profetes noem, toelaat om te leer en my diensknegte te verlei om te hoereer en afgodsoffers te eet.***

God praat hier met die kerk en Hy spreek Jesebel BINNE DIE KERK aan! Hierdie owerheid werk dikwels deur godsdienstige of Goddelike mense, omdat dit so subtiel is ... so geslepe ... dat dit baie, baie maklik die Liggaam kan affekteer.

Jesebel word aangehits deur Agab.

Die twee komplimenteer mekaar.

Mens sal dikwels vind dat indien Agab nie teenwoordig is nie, Jesebel nie sal reageer nie.

En indien Jesebel nie teenwoordig is nie, sal Agab nie reageer nie.

Hiermee wil ek sê, dat Agab opgesom kan word as stille rebellie. Dit kan selfbejammering wees.

Dit is subtiel heksery wat Jesebel sover kry om te reageer.

**INDIEN AGAB IN EEN WOORD OPGESOM KAN WORD, IS DIT .....**  
**DIT IS 'N LEKKER "PITY PARTY!"**

Het jy al ooit 'n lekker "pity party" gehad ....?

"Arme ekke! Ek kan nie kry wat ek wil hê nie".

"Ek het probeer om dit te verkry op die wyse wat God bepaal het."

"Daarom, omdat ek dit nie op die regte manier kan kry nie, gaan ek op 'n ander manier probeer".

Man en vrou maak rusie. Vrou sien sy is besig om te verloor. Sy gebruik *stilte*. Sy tree nou "super *geestelik*" op.

Wat sy eintlik doen, is dat sy haar man straf totdat hy kom en sê: "Wat is verkeerd?

Wat het ek gedoen? Ek is jammer! Ek vra om vergifnis."

Sy het hom "aangehits" tot aksie ... deur haar stilte.

Wat ek gevind het ... en hier is ek baie eerlik met jou, ... dis nou al vir twee jaar na mekaar, vind ek mense wat my JESEBEL noem vir verlengde periodes van tyd – en hulle beskuldig my dat Jesebel deur my opereer. Die eerste jaar het ek sterk aanstoot geneem en dit bloot geignoreer. Die tweede jaar het ek gesê: "Here, MISKIEN, wil U vir my iets wys." En wat die Here my gewys het, was, a.g.v. verwerping in my verlede, ek altyd mense wou plesier. Dus het ek mensevrees gehad. Wanneer ek eintlik iemand moes dissiplineer, het ek dit gelos! Ek het stilgebly. En hulle het dit weer gedoen, en ek het dit weer gelos.

Maar nadat hulle hierdie ding ongeveer 18 keer aan my gedoen het, het daar al genoeg druk opgebou sodat ek naby 'n staat van ontploffing was en hom 'beheks' het met my reaksie!

Omdat ek nie net stilweg gekorrigeer het op 'n Goddelike manier nie, het ek dit met die volle krag van die 18 korreksies wat nagelaat is, gedoen.

So het ek gesien, "Ja, dit was hoedat Jesebel my gebruik!"  
En Agab en Jesebel het 'n heerlike tyd gehad in my lewe!  
Dit is dan een voorbeeld wat ek kon gee.

Tweedens,  
Jesebel kom in.  
Sy sien daar lê Agab – in stilte – en sy sê in vers 5 ...

**1 Kon. 21:5** *Daarop kom sy vrou Isebel by hom en sê vir hom: Waarom is jou gees dan so verbitterd dat jy geen brood eet nie?*

KOLSKOOT! Sy het die aas gehap! Ek het haar! Nou gaan sy vir my werk! Sien, die stille rebellie het gewerk.  
Dan vertel hy haar die hele storie en sy sê aan die einde ...

**1 Kon. 21:7** *Toe sê sy vrou Isebel vir hom: Oefen jy nou die koningskap oor Israel uit? Staan op, eet brood, en laat jou hart vrolik wees: ek sal jou die wingerd van Nabot, die Jisreëliet gee.*

Waar het ons daardie woorde gehoor, "EK SAL ....?"

**Eseg. 28** – DIE VAL VAN SATAN!

Begin jy sien dat ons nie hier te doen het met 'n klein, onbenullige gees nie. Ons het hier te doen met 'n Hoof Owerheid!

En dan sien ons dat wanneer dit gebeur .... hy sy doel bereik ... Jesebel reageer.  
Sy daag sy outoriteit en leierskap.  
Sy begin om die outoriteit van haar eggenoot te ondermyn.  
Hy het sy outoriteit verkoop met sy stille rebellie.

So kom dit dat Jesebel 'n brief skryf in haar man Agab, se naam.  
Sy seël dit met Agab se seël. En sy stuur dit nie eens na Nabot nie. Sy stuur dit na sy Oudstes en Edelmanne. Dus sien ons dat Jesebel leierskap en outoriteit misbruik.

Nou skuil Jesebel agter 'n godsdienstige daad of 'n baie goeie daad. Iets wat so goed lyk – sal dit kamoefleer.

Hierdie keer sê Jesebel,

**1 Kon. 21:9** *En in die briewe het sy dit geskrywe: **Roep 'n vasdag uit,***

O, hoe godsdienstig kan ons raak onder die dekmantel van 'n vas!  
En dan sê sy,

**1 Kon. 21:9** - *en sit Nabot vooraan onder die volk;*

Jesebel bevredig Agab se vlees.  
Jesebel misbruik mense, en probeer om die regverdige te vernietig ten einde te verkry wat haar vlees begeer.

### **HOE HET HIERDIE OWERHEID MENSE MISBRUIK?**

Dit sê in vers 10

**1 Kon. 21:10** *... en sit twee manne, deugniete, teenoor hom, wat teen hom getuig en sê: Jy het God en die koning gevloek! Lei hom dan uit en stenig hom, dat hy sterwe.*

### **DUS, DIE HOOGSTE DOEL IS OM 'N VLEESLIKE BEGEERTE VERVUL TE KRY EN 'N REGVERDIGE PERSOON TE VERNIETIG**

En ons weet dat deur die

- manipulasie en misbruik van leierskap en outoriteit
- skuil agter godsdienstige dade
- misbruik van ander se woorde

Jesebel vir Nabot laat doodmaak het en vir Agab sy wingerd gegee het.

Daar is drie sleutelwoorde wat jou sal wys wanneer Jesebel in die omtrek is:

- 1. Domineer**
- 2. Intimideer**
- 3. Manipuleer**

God domineer ons nooit. Hy lei.

God intimideer ons nooit. Hy inspireer.

God manipuleer nooit. Hy motiveer ons en lei ons deur Sy Heilige Gees.

Indien God nie dominerend, intimiderend of manipulerend op ons toepas nie, watter reg het ons dan om dit met mekaar te doen? Indien ons dit dan wel gebruik, word dit **HEKSERY** genoem. Omdat, as ek jou domineer ... intimideer ... of manipuleer, oorheers ek jou vrye wil en daarom gebruik ek heksery. So maklik soos dit ... val ons in Jesebel se strikke.

Nog iets anders wat ek jou wil wys ...

'n Klein Spel lessie:

Waarmee begin domineer? D

Waarmee begin intimideer? I

Waarmee begin manipuleer? M

Wat kry jy? Verdowing

Jesebel sal altyd jou visie verdof ('DIM') sodat jy nie kan onderskei waarvoor God jou geroep het nie. Ek kan nie begin om jou te vertel hoeveel mense 'n stryd het om klaarheid te kry oor God se wil vir hul lewens nie. Dit is asof hulle verward is ... amper soos in 'n mistigheid ... hulle kan nie sien nie! Wat in werklikheid gebeur het, is dat Jesebel ingekom het en sy het gedomineer, - intimideer en -manipuleer en jou visie gesteel!

En wat sê **Spreuke?** - ***waar geen visie is nie, kwyn die mense.***

## **DOOD EN HEL**

Dood en hel het gekom om te slag, steel en te verwoes!

Om ons visie, ons lewe, gesondheid, opgewondenheid, enigiets wat God aan ons gegee het, te slag, steel en te verwoes.

Jesus het gesê: ***Die dief kom net om te steel en te slag en te verwoes. Ek het gekom, dat hulle lewe en oorvloed kan hê.***

Jesus het die werke van Dood en Hel herken. Hy het ook in **Mat. 16:18 gesê: *En ek sê ook vir jou: Jy is Petrus, en op hierdie rots sal Ek my gemeente bou, en die poorte van die doderyk sal dit nie oorweldig nie.***

Dus het Jesus herken dat daar Hekke van die Hel is wat teen ons kom – teen Sy Kerk.

## **HOE SLAG, STEEL EN VERWOES DIE VYAND?**

Hoe kom die Hekke van die hel teen ons met Dood en Hel?

Eerstens deur:

### **1. BESKULDIGING**

Die vyand word genoem die "aanklaer van die regverdige".

**Open. 12:10** *Toe hoor ek 'n groot stem in die hemel sê: Nou het die heil en die krag en die koningskap die eiendom van onse God geword, en die mag van Sy Christus; want die aanklaer van ons broeders is neergewerp, hy wat hulle aanklaag voor onse God, dag en nag.*

Hy hou daarvan om ons aan te kla. Wanneer die vyand kom en jou herinner aan jou verlede, herinner hom tog aan sy toekoms!  
God gaan hom bind en in die put werp.  
Daar staan nêrens in die Bybel dat ons die DUIWEL moet bind nie ... Satan moet bind nie.

Ons word aangesê in **Jak. 4:7** *Onderwerp julle dan aan God; **weerstaan die duiwel**, en hy sal van julle wegvlug.*

En in **Mat. 12:29** *Of hoe kan iemand in die huis van 'n sterk man ingaan en sy goed roof, as hy nie **eers die sterk man geboei** het nie? En dan sal hy sy huis beroof.*

Maar ons word nie aangesê om die duiwel te bind nie. Jy sien, die DUIWEL is nie alomteenwoordig nie. Hy kan nie oral tegelykertyd wees nie. Dus, wat hy doen, hy stuur owerhede, magte en heersers van duisternis en bose magte en **hulle doen die werk**.

## **VISIOEN**

**En een dag in 'n visioen sien ek 'n groep intersessors wat Satan bind. Satan het daar gesit en lag vir hulle en gesê: "Gaan aan! Gaan voort! Gaan aan! Ek doen niks nie! Jesebel doen dit! Dood en Hel doen dit!"**

Dus, as ons hom net bind, gaan ons baie min oorwinning hê.  
Maar, indien ons kan onderskei **WIE** hy uitgestuur het om die werk te doen, en dan daardie magte bind, sal ons baie, baie meer doeltreffend en oorwinnend wees.

Die volgende ding na beskuldiging (aanklag) ... deur die woorde van die mond of intimiderende gedagtes, wat lei tot:

## **2. ISOLASIE**

Ons begin voel, "Ek is nie goed genoeg om deel te wees van die Kerk nie!"  
"Ek is nie goed genoeg om deel te wees van hierdie of daardie groep nie" en ons begin onself isoleer. Dood en Hel is gaande daarvoor om jou te dryf tot 'n punt van isolasie. Wanneer jy geisoleer is, is jy 'n oop teiken vir die vyand om teen jou te kom. En dit is waarom ek in die Voorbereidings Kursus sover so baie vir julle sê dat "Ons nie geroep is tot "lone rangers" nie!" Ons gaan nie oorleef op hierdie wyse nie.

God het ons geskape om inter-afhanklik te wees ... inter-afhanklik van Hom ... EN inter-afhanklik van mekaar in die Liggaam. Ons hou nie altyd daarvan nie, en dikwels is dit baie pynlik, maar dit is hoe God dit georkestreer het!

Na ISOLASIE:

### 3. JOU VERSTAND WORD GEBOMBARDEER MET TWYFEL

Jy begin twyfel aan jou redding.  
Jy begin twyfel aan jou roeping.  
Jy begin aan so baie dinge twyfel.  
En soos twyfel inkom, kom VREES saam.  
Jy word vreesagtig.  
Wanneer vrees jou hart gryp, neem FOLTERING oor.  
Daar is so baie vandag wat deur die vyand gefolter word.

Gefolter tot op die punt waar hulle gereed is om SELFMOORD TE PLEEG.  
`n Groot deel van die selfmoord vandag onder ons jong mense, is bloot die foltering van nie te weet wie hulle is, waar hulle heen op pad is, waarvoor God hulle geroep het, dat hulle nie die seën van hul vaders of moeders het nie, sommige ken nie eens hul ouers nie, ens. ... baie keer.

Ek was so hartseer `n paar jaar gelede, toe ek luister na `n berader wat die volgende gedeel het:  
Hy was so pas klaar met `n Jeugseminaar en berading van jong mense.  
Hy het vir hulle gevra (hoofsaaklik Christen jongmense), om met `n slagspreuk na vore te kom vir hul geslag ... `n slagspreuk wat sal uitbeeld wat hulle ervaar ... of hoe hulle voel.  
Die slagspreuk was **"LIFE SUCKS AND THEN YOU DIE!"**  
Dit is wat daardie jong mense gesê het, "Die lewe het geen betekenis nie, en dan gaan jy in elk geval dood!"  
Kan julle sien hoedat onder hulle geslag, gesteel en verwoes is? Hoe hulle ontnem is van hul bestemming in God?

Laastens, nog `n manifestasie van Dood en Hel:

### 4. SIEKTE EN KRANKLIKHEID

Nog `n wyse waarop Dood en Hel sal aanval is die oomblik wanneer jou verstand in vrees, foltering, twyfel of angs is, maak jy jouself oop vir fisiese aanvalle. Die meeste dokters sal jou vertel dat feitlik alle siektes in die verstand begin ... hulle is psigosomaties. Dit is hoekom een dokter sê: "Kan jy dit nie sien nie, hierdie siekte? Dit is bloot siekte in jou verstand. Dit is `n gebrek aan vrede in jou verstand".

En ek wil sê, dat Dood en Hel gewoonlik aanval net voordat `n visie gebore word. Ek kan vir jou verhaal op verhaal vertel van die afgelope paar jaar ... net sodra ek op die punt staan om `n nuwe fase in die bediening van stapel te stuur, is ek in so `n mate aangeval, dat dit amper my lewe gekos het. My lewe en my visie is amper gesteel.

Die tweede keer wanneer Dood en Hel aanval, is net na die geboorte. As dit nie daarin kon slaag om die visie te aborteer voor die tyd nie, **dan direk na die geboorte daarvan** ... dan sal die aanval kom. Ek wil jou amper belowe, op hierdie oomblik. Jy weet daar is sekere beloftes in God se Woord, dat ons ... wel, ons sit hulle nie dadelik in die belofte-kissie nie. En dit sal `n belofte wees soos ... almal wat begeer om `n

Goddelike lewe te lei, sal vervolg word. Dit is nou nie eintlik 'n "whoop-tee-doo," gelukkige, wonderlike belofte nie. Maar dit is werklikheid!

En ek wil 'n belofte maak .... dat baie van julle wat hierdie lesings volg, uitgedaag gaan word deur Dood en Hel ... hulle sal kom om te steel wat julle geleer het.

Ek onthou een keer wat ek lering gegee het, en hierdie broer was absoluut in ekstase. Hy was so in herlewing en opgewonde. En ek het so pas lering gegee oor hierdie Dood en Hel. Die volgende oggend toe hy opstaan, het iemand 'n bierbottel deur die voorruit van sy bakkie gegooi en dit was iets soos 'n duisend dollar skade. Ek wil jou vertel dat amper al daardie seën feitlik onmiddellik van hom gesteel is.

Aan die begin van verlede jaar het ek agter gekom dat elke keer as ek gaan bedien het en ek kom die volgende dag terug, moes ek meeste van die kere reguit dokter toe gaan vir 'n inspuiting vir migraine. Ek is aangeval met so 'n hewige migraine hoofpyn, dat ek plat op my rug beland het, siek.

Nadat dit drie, vier keer gebeur het, het ek die patroon begin herken en agter gekom wat aangaan. Ek het my intersessors daarop bedag gemaak en gesê: "Bid asseblief! Ek gaan vir julle my skedule gee. Wanneer ek begin met 'n bedieningssessie, neem outoriteit oor Dood en Hel." Van toe af het dit nog net een keer weer gebeur. Sien jy dat as jy eers die vyand geïdentifiseer het, jy ook weet hoe om met hom te handel? Die opwindende feit i.v.m. satan, is dat hy nie kan skeep nie. Dus, wanneer jy eers sy patrone begin herken, begin jy oorwinning kry.

# VERSTAAN JESEBEL 1

**`n Kursus vir almal wat begeer om God te ken  
deur Bradley Stuart**

## **DOEL VAN HIERDIE LES:**

In hierdie les gaan ons leer:

- Hoedat Jesebel te werk gaan deur `n godsdienstige persoon.
- Hoedat Jesebel te werk gaan as `n internasionale Prinsmag (Owerheid).
- Hoe Jesebel probeer om die profetiese stem te vernietig.
- Hoe Jesebel opereer.
- Bybelse voorbeelde van Jesebel in aksie.
- Hoe om beskerming te kry teen Jesebel.
- Hoe Jesebel ons lewe binnekom.
- Hoe om Jesebel te identifiseer.
- Hoedat Jesebel ons sal affekteer, asook ons gesinne en toekomstige geslagte.
- Hoedat ons bevry kan word van die invloed van Jesebel.

## **JESEBEL WERK DEUR `N GODSDIENSTIGE PERSOON**

**1 Kon. 16:30-31** En Agab, die seun van Omri, het gedoen wat kwaad is in die oë van die Here, meer as al sy voorgangers. En dit was nog die minste dat hy in die sondes van Jerobeam, die seun van Nebat gewandel het: **hy het Isebel, die dogter van Et-Baal, die koning van die Sidoniërs, as vrou geneem, en Baal gaan dien en voor hom neergebuig.**

- Jesebel het uit `n familie gekom wat Baal aanbid het.

**Open. 2:20** Maar Ek het enkele dinge teen jou, dat jy die vrou Isebel, wat haarself `n profetes noem, toelaat om te leer en my diensknegte te verlei om te hoereer en afgodsoffers te eet.

- Hierdie brief is gerig aan `n kerk.
- Jesebel is `n prinsmag, nie `n persoon nie, en dit opereer deur mans en vroue.

## **JESEBEL IS `N INTERNASIONALE PRINSMAG (EFES 6:12)**

**Jes. 47:5, 7** Sit doodstil, en gaan in die duisternis, dogter van die Chaldeërs! Want jy sal **nie langer genoem word gebiedster van die koninkryke nie. Jy het gesê: Ek sal in ewigheid wees, gebiedster vir altyd;** jy het hierdie dinge nie ter harte geneem nie, aan die einde daarvan nie gedink nie.



- Hierdie prinsmag is gesien as die koningin, heerseres of Die Dame (of Gebiedster) van Koninkryke.

**Jes. 47:9** Hierdie twee dinge sal dan in 'n oomblik, op een dag, oor jou kom: kinderloosheid en weduweeskap; in volle maat sal hulle jou oorval, ondanks die **veelheid van jou towerye, ondanks die groot menigte van jou besweringe.**

- Wys dat dit saamwerk met ander prinsmagte.

**2 Kon. 9:22** En net toe Joram Jehu sien, sê hy: Is dit vrede, Jehu? Maar hy antwoord: Wat? **Vrede, solank as die hoererye van jou moeder Isebel en haar towerye so baie is?**

- Dit word Jesebel genoem, omdat sy gedurig heksery gebruik het.

### **JESEBEL VERNIETIG DIE PROFETIESE STEM**

**1 Kon. 18:4** Want toe **Isebel die profete van die Here uitgeroei het**, het Obadja honderd profete geneem en hulle vyftig by vyftig man in 'n spelonk weggesteek en hulle met brood en water onderhou.

- Jesebel probeer om die profetiese stemme aan te val en te vernietig wanneer hulle God se Woord en nie haar woord nie, spreek.

### **HOE JESEBEL OPEREER**

Die volgende bybelse voorbeeld wys hoedat Jesebel opereer.

- Jesebel word opgewek deur Agab. Hierdie twee komplimenteer mekaar. Agab verteenwoordig selfbejammering, stille rebellie, subtiele heksery en dit hits Jesebel aan tot aksie.

**1 Kon. 21:1-4** En na hierdie dinge het dit gebeur: Nabot, 'n Jisreëliet, het in Jisreël 'n wingerd gehad, wat langs die paleis van Agab, die koning van Samaria was. En Agab het met Nabot gespreek en gesê: Gee my jou wingerd, dat dit my groentetuin kan word, want dit is naby, langs my huis; dan sal ek jou in die plek daarvan 'n wingerd gee wat beter is; of as dit goed is in jou oë, sal ek jou die koopprys daarvan in silwer gee. Maar Nabot het vir Agab gesê: Mag die Here my daarvoor bewaar dat ek die erfdeel van my vaders aan u sou gee! Toe kom Agab in sy huis, verbitterd en toornig oor die woord wat Nabot, die Jisreëliet, met hom gespreek het, naamlik: Ek mag nie die erfdeel van my vaders aan u gee nie. **En hy het op sy bed gaan lê en sy gesig omgedraai en geen brood geëet nie.**

- Jesebel sal altyd outoriteit en gesag ondermyn.

**1 Kon. 21:5-7** Daarop kom sy vrou **Isebel** by hom en **sê vir hom: Waarom is jou gees dan so verbitterd** dat jy geen brood eet nie? En hy antwoord haar: Omdat ek met Nabot, die Jisreëliet gespreek en aan hom gesê het: Gee my jou wingerd vir geld, of as jy wil, sal ek jou 'n wingerd in die plek daarvan gee – maar hy het gesê: Ek mag my wingerd nie aan u gee nie. Toe **sê sy vrou Isebel** vir hom: **Oefen jy nou die koningskap oor Israel uit?** Staan op, eet brood, en laat jou hart vrolik wees: **ek sal jou die wingerd van Nabot, die Jisreëliet gee.**

- Agab bereik sy doel. Jesebel reageer, daag en misbruik sy outoriteit en die leierskaps-outoriteit van die ouderlinge en edelmannes.

**1 Kon. 21:7, 9 ... ek sal jou die wingerd van Nabot, die Jisreëliet gee. Roep 'n vasdag uit,** en sit Nabot vooraan onder die volk...

- Jesebel kruip weg agter 'n godsdienstige of goeie daad.

**1 Kon. 21:9** En in die briewe het sy dit geskrywe: **Roep 'n vasdag uit,** en sit Nabot vooraan onder die volk ...

- Jesebel bevredig die vlees van Agab.

**1 Kon. 21:10 ... en sit twee manne, deugniete, teenoor hom,** wat teen hom getuig en sê: Jy het God en die koning gevloek! Lei hom dan uit en **stenig hom, dat hy sterwe.**

- Jesebel misbruik mense en probeer die regverdige vernietig ten einde haar vleeslike begeertes vervul te kry.
- Jesebel kry wat sy wil hê deur manipulasie.

**1 Kon. 21:11-15** Die manne van sy stad, die oudstes en die edeles wat in sy stad gewoon het, maak toe soos Isebel hulle laat weet het, soos geskrywe was in die briewe wat sy aan hulle gestuur het. Hulle het 'n vasdag uitgeroep en Nabot vooraan onder die volk gesit. Toe kom die twee manne, deugniete, en gaan sit teenoor hom; en die deugniete het teen hom, teen Nabot, voor die volk getuig en gesê: Nabot het God en die koning gevloek. Daarop lei hulle hom buitekant die stad uit en stenig hom, sodat hy gesterf het. Daarna laat hulle Isebel weet: Nabot is gestenig en is dood. Net toe Isebel hoor dat Nabot gestenig en dood was, sê Isebel vir Agab: Staan op, neem die wingerd van Nabot, die Jisreëliet, in besit wat hy geweier het om vir geld aan jou te gee; want Nabot leef nie, maar is dood.

- Die leiers is deur Jesebel gemanipuleer om valse outoriteit te gebruik. Nabot is gestenig en het gesterf en Jesebel het Agab aangesê om Nabot se grond in besit te neem. Jesebel het gekry wat sy wou hê, en het die vleeslike begeertes van haar man vervul.

## BYBELSE VOORBEELDE VAN JESEBEL IN AKSIE

Hier is 'n paar illustrasies van die verskeie maniere waarop Jesebel te werk gaan:

**Ester 3** Na hierdie dinge het koning Ahasveros Haman, die seun van Hamedata, die Agagiet, grootgemaak en hom verhoog en sy setel hoër gestel as die van al die vorste wat by hom was.

2. En al die dienaars van die koning wat in die poort van die koning was, het gebuig en voor Haman neergeval; want so het die koning aangaande hom bevel gegee; maar Mordegai het nie gebuig of neergeval nie.
3. En die dienaars van die koning, in die poort van die koning, het aan Mordegai gesê: Waarom oortree jy die gebod van die koning?
4. En toe hulle hom dit elke dag sê, en hy nie na hulle luister nie, het hulle dit aan Haman meegedeel om te sien of die handelwyse van Mordegai sou standhou, want hy het hulle te kenne gegee dat hy 'n Jood was.
5. Toe Haman sien dat Mordegai nie buig en voor hom nie neerval nie, was Haman met woede vervul.
6. Maar hy het dit vir hom te gering geag om die hand aan Mordegai alleen te slaan; want hulle het hom die volk van Mordegai te kenne gegee. Daarom het **Haman daarna gesoek om al die Jode wat in die hele koninkryk van Ahasveros was, die volk van Mordegai te verdelg.**
7. In die eerste maand, dit is die maand Nisan, in die twaalfde jaar van koning Ahasveros, het hulle die Pur, dit is die lot, voor Haman gewerp vir elke dag en vir elke maand, twaalf in getal, dit is die maand Adar.
8. **Toe sê Haman aan koning Ahasveros:** Daar is een volk wat verstrooid en afgesonderd is tussen die volke in al die provinsies van u koninkryk, en hulle wette is anders as die van enige volk; ook hou hulle die wette van die koning nie, sodat dit die koning nie pas om hulle te laat begaan nie.
9. As die koning dit goedvind, **laat daar dan geskrywe word** om hulle te verdelg, en ek sal tienduisend talente silwer afweeg in die hande van die beamptes om dit by die skatte van die koning te voeg.
10. Toe trek die koning sy seëlring van sy hand af en gee dit aan Haman, die seun van Hammedata, die Agagiet, die teëstander van die Jode.
11. En die koning het aan Haman gesê: Die silwer word jou geskenk; ook die volk, om daarmee te doen soos goed is in jou oë.
12. Toe is die skrywers van die koning geroep in die eerste maand, op die dertiende dag daarvan, en daar is geskrywe net soos Haman beveel het aan die landvoogde van die koning en aan die goewerneys wat oor elke provinsie was, en aan die vorste van elke volk, aan elke provinsie volgens sy skrif en aan elke volk in sy taal; **in die naam van koning Ahasveros is dit geskrywe en verseël met die seëlring van die koning.**
13. En briewe is gestuur met die hardlopers na al die provinsies van die koning om al die Jode te verdelg, dood te maak en uit te roei, die seun sowel as die grysaard, die kindertjies en die vroue, op een dag, op die dertiende van die twaalfde maand, dit is die maand Adar, en om hulle besittings as buit te plunder.
14. 'n Afskrif van die bevelskrif moes as wet in elke provinsie uitgevaardig en openbaar gemaak word aan al die volke, om gereed te wees teen daardie dag.

15. Die hardlopers het haastig op bevel van die koning uitgegaan, en die wet is in die vesting Susan uitgevaardig terwyl die koning en Haman sit en drink; maar die stad Susan was in verwarring.

- Jesebel het deur Haman gemanifesteer om leierskap en outoriteit te misbruik.

**Daniël 6** En Darius, die Meder, was twee-en-sestig jaar joud toe hy die koningskap ontvang het.

2. Dit het Darius behaag om oor die koninkryk honderd-en-twintig landvoogde aan te stel wat in die hele koninkryk sou wees;
3. en oor hulle drie ministers, van wie Daniël een was, aan wie die landvoogde rekenskap moes gee, sodat die koning nie sou skade ly nie.
4. Toe het hierdie Daniël bo die ministers en die landvoogde uitgemuut, omdat 'n voortreflike gees in hom was; daarom was die koning van plan om hom oor die hele koninkryk aan te stel.
5. Toe het die ministers en die landvoogde gesoek om 'n grond vir 'n aanklag teen Daniël te vind met betrekking tot die regering, maar hulle kon geen enkele grond vir 'n aanklag of verkeerde handeling vind nie, omdat hy getrou was en geen nalatigheid of verkeerde handeling by hom te vinde was nie.
6. Daarop het die manne gesê: Ons sal teen hierdie Daniël geen enkele grond vir 'n aanklag vind nie, tensy ons dit teen hom vind in sy godsdiens.
7. Toe het hierdie ministers en landvoogde die koning bestorm en so vir hom gesê: Mag koning Darius vir ewig lewe!
8. Al die ministers van die koninkryk, die bevelhebbers en die landvoogde, die raadsmanne en die goewerneurs het beraadslag dat die koning 'n verordening moet uitvaardig en 'n verbod bekragtig dat elkeen wat gedurende dertig dae 'n versoek rig aan enige god of mens behalwe aan u, o koning, in die leeuuil gegooi al word.
9. **Stel nou 'n verbod vas, o koning, en laat 'n bevelskrif skrywe wat volgens die onveranderlike wet van Meders en Perse onherroeplik is.**
10. Hierop het koning Darius die bevelskrif en die verbod geskrywe.
11. En net toe Daniël verneem dat die bevelskrif geskrywe was, het hy in sy huis gegaan; en hy het in sy bo-kamer vensters gehad wat oop was in die rigting van Jerusalem, en hy het drie maal op 'n dag op sy knieë geval en gebed en lofprysinge uitgespreek voor sy God, net soos hy tevore gedoen het.
12. Daarop het daardie manne aangestorm en Daniël gevind terwyl hy bid en voor sy God om genade smeek.
13. Hulle het toe nader gekom en voor die koning oor die koninklike verbod gespreek: Het u nie 'n verbod geskrywe dat elkeen wat gedurende dertig dae 'n versoek doen aan enige god of mens behalwe aan u, o koning, in die leeuuil gegooi moet word nie? Die koning het geantwoord en gesê: Die saak staan vas volgens onherroeplike wet van Meders en Perse.
14. Toe het hulle geantwoord en voor die koning gesê: Daniël, een van die Joodse ballinge, het hom aan u, o koning, en aan u verbod wat u geskrywe het, nie gesteur nie, maar drie maal op 'n dag doen hy sy gebed.

15. Toe die koning die woord hoor, het dit hom baie mishaag, en hy het planne beraam om Daniël te verlos, ja, tot sonsondergang toe het hy moeite gedoen om hom te red.
  16. Daarop het daardie manne die koning bestorm en aan die koning gesê: Weet, o koning, dat dit 'n wet van Meders en Perse is dat elke verbod of verordening wat die koning vasgestel het, nie verander mag word nie.
  17. Toe het die koning bevel gegee, en hulle het Daniël gebring en in die leeuuil gegooi. Die koning het begin spreek en vir Daniël gesê: Mag jou God wat jy gedurigdeur vereer, jou verlos!
  18. En 'n klip is gebring en op die opening van die kuil gelê, en die koning het dit met sy ring en met die ring van sy maghebbers verseël, sodat niks anders met Daniël sou gebeur nie.
  19. Toe het die koning na sy paleis gegaan en met vas die nag deurgebring en die byvroue nie voor hom laat kom nie, en sy slaap het van hom weggevlug.
  20. Daarop het die koning die more vroeg toe dit lig word, opgestaan en haastig na die leeuuil gegaan.
  21. En toe hy nader kom na die kuil, het hy met 'n droewige stem na Daniël geroep; die koning het gespreek en aan Daniël gesê: Daniël, kneg van die lewende God, was jou God wat jy gedurigdeur vereer, in staat om jou van die leeus te verlos?
  22. Toe het Daniël met die koning gespreek: Mag die koning vir ewig lewe!
  23. My God het Sy engel gestuur en die bek van die leeus toegesluit, sodat hulle my geen leed aangedoen het nie, omdat ek voor Hom onskuldig bevind is en ek ook teen u, o koning, geen onreg gedoen het nie.
  24. Toe het die koning baie bly geword en bevel gegee om Daniël uit die kuil op te trek. So is Daniël dan uit die kuil opgetrek sonder dat daar 'n letsel aan hom gevind is, omdat hy op sy God vertrou het.
  25. En die koning het bevel gegee en hulle het daardie manne gebring wat Daniël aangeklaag het, en hulle, hulle kinders en hulle vroue in die leeuuil gegooi; en hulle het nog nie die bodem van die kuil bereik nie of die leeus het hulle oorweldig en al hulle bene vermorsel.
  26. Toe het koning Darius aan al die volke, nasies en tale wat op die hele aarde woon, geskrywe: Mag julle vrede groot wees!
  27. Deur my word bevel gegee dat hulle in die hele magsgebied van my koninkryk moet bewe en sidder voor die God van Daniël, want Hy is die lewende God en Hy bestaan in ewigheid en Sy koninkryk is een wat nie vernietig kan word nie en Sy heerskappy duur tot die einde toe.
  28. Hy verlos en red en doen tekens en wonders in die hemel en op die aarde, Hy wat Daniël uit die mag van die leeus verlos het.
  29. En hierdie Daniël was voorspoedig onder die regering van Darius en onder die regering van Kores, die Pers.
- Jesebel het gewerk deur die jaloerse prinse

**Mat. 14:1-12** En in daardie tyd het Herodes, die viervors, die gerug van Jesus gehoor

2. en aan sy knegte gesê: Hierdie man is Johannes die Doper. Hy het uit die dode opgestaan, en daarom werk die kragte in hom.
3. Want Herodes het Johannes gevang, hom geboei en in die gevangenis gesit vanweë Herodias, die vrou van Filippus, sy broer.
4. Want Johannes het vir hom gesê: Dit is u nie geoorloof om haar te hê nie.
5. En hoewel hy hom wou doodmaak, het hy die skare gevrees, omdat hulle hom vir 'n profeet gehou het.
6. **Maar by die viering van die verjaarsdag van Herodes het die dogter van Herodias voor hulle gedans en Herodes behaag.**
7. **Daarom het hy met 'n eed beloop om haar enigiets te gee wat sy sou vra.**
8. **Toe sê sy, nadat sy deur haar moeder aangehits was: Gee my hier op 'n skottel die hoof van Johannes die Doper.**
9. En die koning het treurig geword, maar ter wille van die eed en die feesgenote het hy beveel dat dit gegee moes word.
10. En hy het gestuur en Johannes in die gevangenis onthoof.
11. Sy hoof is toe op 'n skottel gebring en aan die meisie gegee, en sy het dit na haar moeder gebring.
12. En sy dissipels het gekom en sy liggaam weggeneem en dit begrawe; en hulle het gegaan en dit aan Jesus vertel.

- Jesebel het deur Herodias gewerk

**Mat. 26:59-66** En die owerpriesters en die ouderlinge en die hele Raad het valse getuienis teen Jesus gesoek om Hom dood te maak, en niks gevind nie.

60. En alhoewel daar baie valse getuies gekom het, het hulle niks gevind nie.
61. Maar oplaas kom daar twee valse getuies en sê: Hierdie man het gesê: Ek kan die tempel van God afbreek en dit in drie dae opbou.
62. Daarop staan die hoëpriester op en sê vir Hom: Antwoord U niks nie? Wat getuig hierdie manne teen U?
63. Maar Jesus het stilgebly. En die hoëpriester antwoord en sê vir Hom: Ek besweer U by die lewende God dat U vir ons sê of U die Christus, die Seun van God is?
64. Jesus antwoord hom en sê: U het dit gesê. Maar Ek sê vir u almal: Van nou af sal u die Seun van die mens sien sit aan die regterhand van die krag van God en kom op die wolke van die hemel.
65. Toe verskeur die hoëpriester sy klere en sê: **Hy het godslasterlik gespreek, wat het ons nog getuies nodig? Kyk, nou het julle Sy godslastering gehoor!**
66. Wat dink julle? En hulle antwoord en sê: **Hy is die dood skuldig.**

- Jesebel het die hoëpriesters en die raad gebruik.

**Hand. 6:8-15 & 7:59-60** En Stefanus, vol van geloof en krag, het groot wonders en tekens onder die volk gedoen.

9. En daar het sommige van die sogenaamde sinagoge van die Libertyne opgestaan, en van die Cireneërs en Alexandryne, en van die mense van Cilicië en Asië, en hulle het met Stefanus geredetwis.
10. Maar hulle kon die wysheid en die Gees waardeur hy gespreek het, nie weerstaan nie.
11. Toe het hulle manne opgestook om te sê: Ons het hom lasterlike dinge hoor praat teen Moses en God.
12. En hulle het die volk en die ouderlinge en die skrifgeleerdes in beweging gebring en op hom afgekom en hom gegryp en voor die Raad gebring.
13. En hulle het valse getuies laat optree om te sê: Die man hou nie op om lasterlike dinge te praat teen hierdie heilige plek en die wet nie.
14. Want ons het hom hoor sê: Hierdie Jesus, die Nasarener, sal hierdie plek afbreek en die sedes wat Moses aan ons oorgelewer het, verander.
15. En terwyl almal wat in die Raad sit, hul oë stip op hom hou, sien hulle dat sy gesig soos die gesig van 'n engel was.

#### **Hand. 7:59-60**

59. En hulle het Stefanus gestenig terwyl hy die Here aanroep en sê: Here Jesus, ontvang my gees!
60. En hy het op sy knieë neergeval en met 'n groot stem uitgeroep: Here, reken hulle hierdie sonde nie toe nie! En met die woorde het hy ontslaap.

- Jesebel het deur hierdie godsdienstige mense gefunksioneer.

Ons sien in vier van hierdie gevalle dat Jesebel deur mans gewerk het.

#### **BESKERMING TEEN JESEBEL**

Ons sal nou 'n paar maniere ondersoek van beskerming teen Jesebel:

**1 Sam. 15:22-23** Daarop sê Samuel: Het die Here behae in brandoffers en slagoffers soos in gehoorsaamheid aan die stem van die Here? Kyk, om gehoorsaam te wees is beter as slagoffer, om te luister beter as die vet van ramme. **Want wederstrewigheid is 'n sonde van waarsêery, en eiesinnigheid is afgodery** en beelddiens. Omdat jy die Woord van die Here verwerp het, het Hy jou as koning verwerp.

- Rebelle is heksery en hardkoppigheid is afgodery. Gehoorsaamheid aan die Heilige Gees beskerm ons teen Jesebel.
- Jesebel dring binne deur ons besig-wees en optrede in die vlees. Wanneer ons te besig raak, is ons nie sensitief vir wat die Here sê nie.
- Hardkoppigheid is soos ongeregtigheid en afgodery. Hardkoppigheid sê, "Ek sal dit op my manier doen". Self en trots dring binne as afgode en hulle probeer manipuleer.

**Gal. 3:1-5** O, onverstandige Galasiërs, **wie het julle betower** om die waarheid nie gehoorsaam te wees nie, julle voor wie se oë Jesus Christus afgeskilder is as onder julle gekruisig?

2. Dit alleen wil ek van julle weet: het julle die Gees ontvang uit die werke van die wet of uit die prediking van die geloof?
  3. Is julle so onverstandig? Nadat julle met die Gees begin het, eindig julle nou met die vlees?
  4. Het julle verniet so baie gely? As dit maar verniet was!
  5. Hy wat julle dan die Gees verleen en kragte onder julle werk, doen Hy dit uit die werke van die wet of uit die prediking van die geloof?
- Paulus sê aan die kerk, "Wie het julle betower?" Hulle is betower deurdat hulle in wettisme verval het. Wettisme is 'n vloek.

Een voorbeeld van wettisme is die roetine van ons stiltetyd. Ons moet kwaliteit tyd spandeer met God, maar nie op 'n wettiese manier nie.

**Mat. 6:5-7** En wanneer jy bid, moet jy nie wees soos die geveinsdes nie; want hulle hou daarvan om in die sinagoges en op die hoeke van die strate te staan en bid, om deur die mense gesien te word. Voorwaar Ek sê vir julle dat hulle hul loon weg het.

6. Maar jy, wanneer jy bid, gaan in jou binnekamer, sluit jou deur en bid jou Vader wat in die verborgene is; en jou Vader wat in die verborgene sien, sal jou in die openbaar vergelde.
7. En as julle bid, gebruik nie 'n ydele herhaling van woorde soos die heidene nie, want hulle dink dat hulle deur hul baie woorde verhoor sal word.

## **HOE JESEBEL ONS LEWENS BINNEKOM**

Ons sal nou ondersoek instel na sommige van die maniere waarop Jesebel toegang tot ons lewens verkry.

- Metode vervang sensitiwiteit vir die stem van die Here.
- Tradisie vervang openbaring.
- Ongehoorsaamheid vervang gehoorsaamheid.
- Die vlees vervang die Gees.

**Gal. 5:16-23** Maar ek sê: Wandel deur die Gees, dan sal julle nooit die begeerlikheid van die vlees volbring nie;

Want die vlees begeer teen die Gees, en die Gees teen die vlees; en hulle staan teenoor mekaar, sodat julle nie kan doen wat julle wil nie.

Maar as julle deur die Gees gelei word, dan is julle nie onder die wet nie.

19. En die **werke van die vlees is openbaar**, naamlik owerspel, hoerery, onreinheid, ongebondenheid;
20. **afgodery, towery**, vyandskap, twis, jaloersheid, toornigheid, naywer, tweedrag, partyskap;



21. afguns, moord, dronkenskap, brassery en dergelike dinge, waarvan ek julle vooraf sê, soos ek al vroeër gesê het, dat die wat sulke dinge doen, die koninkryk van God nie sal beërwe nie.
22. Maar die vrug van die Gees is liefde, blydskap, vrede, lankmoedigheid, vriendelikheid, goedheid, getrouheid, sagmoedigheid, selfbeheersing.
23. Teen sulke dinge is die wet nie.
  - Vloeke vervang seëninge (deur wettisisme)
  - Gevangenskap vervang vryheid.
  - Wet vervang geloof.

### **TOEPASSING VAN DIE LES**

#### **1. Hoe gaan Jesebel te werk deur godsdienstige mense volgens:**

**1 Konings 16:30-31**

**Openbaring 2:20-21**

#### **2. Hoe opereer Jesebel as 'n internasionale prinsmag volgens:**

**Jesaja 47:5-9**

**1 Konings 18:4**

**2 Konings 9:22**

#### **3. Hoe gaan Jesebel te werk. Gebruik Skrif om jou antwoord te staaf.**

1)

2)

3)

4)

5)

6)

7)

#### **4. Hoe werk Jesebel deur:**

Haman (**Ester 3**)

Herodias (**Mattheus 14:1-12**)

Die Hoëpriesters (**Mattheus 26:59-66**)

#### **5. Wat is soos heksery?**

**Wat is soos afgodery?**

**6. Gehoorzaamheid aan wat beskerm ons teen Jesebel?**

**7. Hoe kan Jesebel deur ons werk met behulp van die volgende:**

Besig wees

Hardkoppigheid

Wettisisme


Tradisie

Metode

# VERSTAAN JESEBEL 2

'N KURSUS VIR ALMAL WAT BEGEER OM GOD TE KEN  
DEUR BRADLEY STUART

## HOE OM JESEBEL TE IDENTIFISEER

- Drie sleutelwoorde wat aantoon dat Jesebel in werking is:
  - Dominering – God lei.
  - Intimidering – God inspireer
  - Manipulering – God motiveer en lei deur Sy Gees
- 
- Die bron sal die vrug openbaar en die vrug sal die bron openbaar.

Hierdie drie karaktertrekke (domineer, intimideer en manipuleer), opereer op die volgende maniere:

- **Woorde - Die mond van intimidasie vervang die roede van korreksie.**

**1 Sam. 17:1-16** En die Filistyne het hulle leër versamel vir die oorlog en bymekaargekom by Sogo wat aan Juda behoort, en laer opgeslaan tussen Sogo en Aseka in Efes-Dammim.

2. Maar Saul en die manne van Israel het byeengekom en laer opgeslaan in die dal van die terpentynboom en hulle in slagorde teenoor die Filistyne opgestel.

3. En die Filistyne het duskant teen die berg en die Israëliete oorkant teen die berg gestaan, sodat die dal tussen hulle in was.

4. Toe kom daar 'n baasvegter uit die laers van die Filistyne, met die naam van Goliat, uit Gat; sy hoogte was ses el en 'n span.

5. Daar was 'n koperhelm op sy hoof, en hy het 'n pantser van skubbe aangehad – die gewig van die pantser was vyfduisend sikkels koper –

6. en skeenplate van koper was aan sy bene en 'n koperlans tussen sy skouers.

7. Die steel van sy spies was soos 'n wewersbalk, en die lem van sy spies was van seshonderd sikkels yster, en die skilddraer het voor hom uit geloop.

8. En hy het gaan staan en roep na die slagordes van Israel en vir hulle gesê: Waarom trek julle uit om jul in slagorde op te stel? Is ek nie die Filistyn, en julle dienaars van Saul nie? Kies vir julle 'n man uit, dat hy na my toe afkom.

9. As hy teen my kan veg en my verslaan, sal ons julle slawe wees; maar as ek hom oorwin en hom verslaan, moet julle ons slawe wees en ons dien.

10. Verder sê die Filistyn: **Ek daag die slagordes van Israel vandag uit! Gee my 'n man, dat ons saam kan veg.**

11. **Toe Saul en die hele Israel hierdie woorde van die Filistyn hoor, was hulle verskrik en baie bevrees.**

12. En Dawid was die seun van die Efratiet, uit Betlehem-Juda, met die naam van Isai; hy het agt seuns gehad, en die man was in Saul se dae oud, op jare gekom onder die manne.
13. Maar die drie oudste seuns van Isai het Saul al in die oorlog gevolg; en die name van sy drie seuns wat in die oorlog gegaan het, was: Eliab, die oudste, en sy tweede, Abinadab, en die derde, Samma.
14. Dawid was die jongste, terwyl die drie oudstes Saul gevolg het.
15. En Dawid het heen en weer gegaan van Saul om die kleinvee van sy vader in Betlehem op te pas.
16. En die Filistyn het smorens vroeg en saans nader gekom en gaan staan, veertig dae lank.

**Neh. 4:1-3 Maar toe Sanballat hoor dat ons die muur bou, het hy kwaad geword en hom baie geërg, en hy het met die Jode gespot**

2. en voor sy broers en die leër van Samaria gespreek en gesê: Wat maak die magtelose Jode? Sal 'n mens hulle laat began? Sal hulle offer? Sal hulle dit vandag nog voltooi? Sal hulle die klippe uit die grondhoop lewendig maak, al is dit deur brand verniel?
3. En Tobia, die Ammoniet, het langs hom gestaan en gesê: Wat hulle ook al bou – as 'n jakkals daarteen opspring, sal hy hulle klipmuur omgooi!

**Esra 4:1-5** En toe die teëstanders van Juda en Benjamin hoor dat die ballinge 'n tempel bou vir die Here, die God van Israel,

2. het hulle aangekom na Serubbabel en na die familiehoofde en aan hulle gesê: Laat ons saam met julle bou, want net soos julle soek ons julle God, en aan Hom offer ons van die dae van Esar-Haddon af, die koning van Assirië, wat ons hierheen laat optrek het.
3. Maar Serubbabel en Jesua en die ander familiehoofde van Israel het aan hulle gesê: Dit sal nie gaan dat julle saam met ons 'n huis vir onse God bou nie, maar ons alleen sal vir Here, die God van Israel, dit bou soos koning Kores, die koning van Persië, ons beveel het.
4. **Toe het die volk van die land die hande van die volk van Juda laat verslap en hulle afgeskrik om nie te bou nie.**
5. **En hulle het raadgewers teen hulle gehuur om hulle plan te verydel** al die dae van Kores, die koning van Persië, tot op die regering van Darius, die koning van Persië.

**Gen. 3:1-6 Maar die slang was listiger as al die diere van die veld wat die Here God gemaak het. En hy sê vir die vrou:**

- Is dit ook so dat God gesê het: Julle mag nie eet van al die bome van die tuin nie?
2. En die vrou antwoord die slang: Van die vrugte van die bome in die tuin mag ons eet,
  3. maar van die vrugte van die boom wat in die middel van die tuin is, het God gesê: Julle mag daarvan nie eet nie en dit nie aanroer nie, anders sal julle sterwe.
  4. Toe sê die slang vir die vrou: Julle sal gewis nie sterwe nie;
  5. maar God weet dat as julle daarvan eet, julle oë sal oopgaan, sodat julle soos God sal wees deur goed en kwaad te ken.

6. Toe sien die vrou dat die boom goed was om van te eet en dat hy 'n lus was vir die oë, ja, 'n boom wat 'n mens kan begeer om verstand te verkry; en sy neem van sy vrugte en eet en gee ook aan haar man by haar, en hy het geëet.

**Mat. 4:1-10** Toe is Jesus deur die Gees weggelei die woestyn in om versoek te word deur die duiwel.

2. En nadat Hy veertig dae en veertig nagte gevas het, het Hy naderhand honger geword.

3. En die versoeker het na Hom gekom en gesê: **As U die Seun van God is, sê dat hierdie klippe brode word.**

4. **Maar Hy antwoord en sê: Daar is geskrywe:** Die mens sal nie van brood alleen lewe nie, maar van elke Woord wat deur die mond van God uitgaan.

5. Toe neem die duiwel Hom saam na die heilige stad en laat Hom op die dak van die tempel staan

6. en sê vir Hom: As U die Seun van God is, werp Uself af; **want daar is geskrywe:** Hy sal Sy engele bevel gee aangaande U, en hulle sal U op die hande dra, sodat U nie miskien U voet teen 'n klip stamp nie.

7. Jesus sê vir hom: Daar is ook geskrywe: Jy mag die Here jou God nie versoek nie.

8. Weer neem die duiwel Hom saam na 'n baie hoë berg en wys Hom al die koninkryke van die wêreld en hulle heerlijkheid,

9. en sê vir Hom: Al hierdie dinge sal ek aan U gee as U neerval en my aanbid.

10. Toe sê Jesus vir hom: Gaan weg, Satan! Want daar is geskrywe: Die Here jou God moet jy aanbid en Hom alleen dien.

**Mat. 16:21-23** Van toe af het Jesus begin om Sy dissipels te toon dat Hy na Jerusalem moes gaan en veel van die ouderlinge en owerpriesters en skrifgeleerdes moes ly, en gedood en op die derde dag opgewek word.

22. Toe neem Petrus Hom opsy en begin Hom bestraf en sê: Mag God dit verhoed, Here, dit sal U nooit oorkom nie!

23. Maar Hy het omgedraai en vir Petrus gesê: Gaan weg agter My, Satan! Jy is vir my 'n struikelblok, omdat jy nie die dinge van God bedink nie, maar die dinge van die mense.

- **Trane en emosie**

**2 Kon. 20:1-3** In die dae het Hiskia dodelik siek geword; en Jesaja, die seun van Amos, die profeet, het by hom gekom en vir hom gesê: So spreek die Here: Gee bevel aan jou huis, want jy sal sterwe en nie lewe nie.

2. Toe draai hy sy gesig na die muur, en hy het gebid tot die Here en gesê:

3. Ag Here, dink tog daaraan dat ek voor U aangesig in trou en met 'n volkome hart gewandel het en gedoen het wat goed is in U oë. **En Hiskia het bitterlik geween.**

**1 Kon. 21:4** Toe kom Agab in sy huis, verbitterd en toornig oor die woord wat Nabot, die Jisreëliet, met hom gespreek het, naamlik: Ek mag nie die erfdeel van my vaders aan u gee nie. **En hy het op sy bed gaan lê en sy gesig omgedraai en geen brood geëet nie.**

**Open. 2:20** Maar Ek het enkele dinge teen jou, dat jy die vrou **Isebel, wat haarself 'n profetes noem, toelaat om te leer en my diensknegte te verlei om te hoereer** en afgodsoffers te eet.

**2 Kor. 11:3** Maar ek vrees dat, net **soos die slang Eva deur sy listigheid bedrieg** het, julle sinne so miskien bedorwe kan raak, vervreemd van die opregtheid teenoor Christus.

Dit kan 'n subtiele vorm van manipulasie wees, wat dikwels gepaard gaan met vrees.

- **Stilte – Hierdie is 'n subtiele vorm van rebellie.**

**Gen. 3:6-7** Toe sien die vrou dat die boom goed was om van te eet en dat hy 'n lus was vir die oë, ja, 'n boom wat 'n mens kan begeer om verstand te verkry; en **sy neem van sy vrugte en eet en gee ook aan haar man by haar, en hy het geëet.**  
7. Toe gaan albei se oë oop, en hulle word gewaar dat hulle naak is; en hulle het vyeblare aanmeakaargewerk en vir hulle skorte gemaak.

**1 Kon. 21:4** Toe kom Agab in sy huis, verbitterd en toornig oor die woord wat Nabot, die Jisreëliet, met hom gespreek het, naamlik: Ek mag nie die erfdeel van my vaders aan u gee nie. **En hy het op sy bed gaan lê en sy gesig omgedraai en geen brood geëet nie.**

- **Briewe en boodskappe wat gebruik is om te intimideer i.p.v. te inspireer.**

**1 Kon. 19:1-3** En Agab het aan Isebel meegedeel alles wat Elia gedoen het, ja, alles – hoe hy al die profete met die swaard gedood het.  
2. **Daarop stuur Isebel 'n boodskapper na Elia om te sê: Mag die gode so doen en so daaraan toedoen – sekerlik sal ek more sulke tyd jou siel maak soos die siel van een van hulle.**  
3. Toe hy dit sien, het hy hom klaargemaak en ter wille van sy lewe weggegaan. En toe hy in Berseba in Juda aangekom het, het hy sy dienaar daar laat agterbly.

**1 Kon. 21:8-10** **Daarop het sy briewe in die naam van Agab geskrywe en met sy seël dit verseël** en die brief gestuur aan die oudstes en die edeles wat in sy stad was, wat by Nabot gewoon het.  
9. En in die briewe het sy dit geskrywe: Roep 'n vasdag uit, en sit Nabot vooraan onder die volk;  
10. En sit twee manne, deugniete, teenoor hom, wat teen hom getuig en sê: Jy het God en die koning gevloek! Lei hom dan uit en stenig hom, dat hy sterwe.

**Esra 4:11-16** **...dit is 'n afskrif van die brief wat hulle aan hom gestuur het:** Aan koning Artasasta, u dienaars, die manne wes van die Eufraat. En nou – aan die koning word bekend gemaak dat die Jode wat van u af na ons opgetrek het, in Jerusalem aangekom het. Hulle is besig om die rebelse en slegte stad op te bou: die mure voltooi hulle en die fundamente herstel hulle.

13. Laat dit nou aan die koning bekend wees dat hulle, as die stad opgebou en die mure voltooi is, geen belasting, opbrings of tol sal gee nie – wat aan die inkomste van die konings skade sal doen.

14. Aangesien ons nou die sout van die paleis geëet het en dit ons nie pas om die smaad van die koning aan te sien nie, daarom stuur ons en laat die koning weet,

15. dat hulle kan nasoek in die kroniekboek van u vaders; dan sal u in die kroniekboek vind en daaruit verneem dat die stad 'n rebelse stad was wat aan konings en provinsies skade gedoen het, en dat hulle van ouds af daarin oproer verwek het; daarom is die stad verwoes.

16. Ons maak die koning bekend dat, as die stad opgebou en die mure voltooi word, u daardeur geen deel sal hê wes van die Eufraat nie.

**Neh. 6:5-7 Daarop stuur Sanballat op dieselfde manier vir die vyfde keer sy dienaar na my met 'n ope brief in sy hand.**

6. Daarin was geskrywe: Die gerug gaan rond onder die volke, en Gasmu sê: Jy en die Jode is van plan om te rebelleer; daarom bou jy die muur, en jy sal hulle koning word – dergelike dinge.

7. Ook het jy profete aangestel om van jou in Jerusalem uit te roep en te sê: Koning in Juda! En nou, sulke dinge sal deur die koning gehoor word; kom dan nou en laat ons saam beraadslaag!

- **Finansies**

**Mat. 17:24-27 En toe hulle in Kapernaum kom, het die wat die tempelbelasting ontvang, na Petrus gegaan en gesê: Betaal julle Meester nie die tempelbelasting nie?**

Hy antwoord: Ja. En toe hy in die huis inkom was Jesus hom voor en sê: Wat dink jy Simon? Van wie neem die konings van die aarde tol of belasting – van hulle seuns of van die vreemdelinge?

Petrus antwoord Hom: Van die vreemdelinge. Jesus sê vir hom: Dan is die seuns vry. Maar dat ons hulle geen aanstoot mag gee nie, gaan na die see toe, gooi 'n hoek uit en neem die eerste vis wat opkom; en as jy sy bek oopmaak, sal jy 'n stater kry; neem dit en gee dit aan hulle vir My en vir jou.

**Mat. 22:15-22 Toe gaan die Fariseërs saam raad hou hoe om Hom in Sy Woord te verstrik.**

16. En hulle stuur hul dissipels saam met die Herodiane na Hom en sê: Meester, ons weet dat U waaragtig is en die weg van God in waarheid leer en U aan niemand steur nie, want U sien nie die persoon van mense aan nie –

17. sê dan vir ons, wat dink U: Is dit geoorloof om aan die keiser belasting te betaal of nie?

18. Maar Jesus het hulle boosheid bemerk en gesê:

19. Geveinsdes, waarom versoek julle My? Wys My die belastingmunt. En hulle het vir Hom 'n penning gebring.

20. En Hy sê vir hulle: Wie se beeld en opskrif is dit?

21. Hulle antwoord Hom: Die keiser s'n. Daarop sê Hy vir hulle: Betaal dan aan die keiser wat die keiser toekom, en aan God wat God toekom.



22. En toe hulle dit hoor, was hulle verwonderd en het Hom verlaat en weggegaan.

- God se Perfekte wil teenoor sy Toelatende wil.
- Manipulasie word gebruik wanneer ons God se Toelatende wil soek.
- Die volgende verwysings openbaar die **gevolge** as ons nie God se Perfekte wil in onderskeie situasies soek nie.

**Jos. 9:14-16** Toe neem die manne van hulle padkos; **maar die mond van die Here het hulle nie geraadpleeg nie.**

15. En Josua het met hulle vrede gemaak en met hulle 'n verbond gesluit, dat hy hulle sou laat lewe; en die owerstes van die vergadering het hulle dit met 'n eed beloof.

16. Maar aan die einde van drie dae, nadat die verbond met hulle gesluit was, hoor die volk dat hulle in hul nabyheid en tussen hulle in woon.

Josua het voortydig met die Gibeoniete 'n verbond gesluit.

**Gen. 16:1-2, 16:16 & 17:1** Maar Sarai, die vrou van Abram, het vir hom geen kinders gebaar nie; en sy het 'n Egiptiese slavin gehad met die naam van Hagar.

**En Sarai het vir Abram gesê: Jy weet, die Here het my nie toegelaat om moeder te word nie. Gaan tog in by my slavin; miskien sal ek uit haar gebou word. En Abram het na Sarai geluister.**

**Gen.16:16** En Abram was ses-en-tagtig jaar oud toe Hagar Ismael vir Abram gebaar het.

**Gen. 17:1** Toe Abram negen-en-negentig jaar oud was, het die Here aan Abram verskyn en vir hom gesê: Ek is God, die Almagtige; wandel voor my aangesig, dan sal jy opreg wees.

Abraham het voortydig gehandel en Ismael is gebore.

**1 Sam. 8:1-20** En toe Samuel oud was, het hy sy seuns as rigters oor Israel aangestel.

2. Die naam van sy eersgeborene was Joël, en die naam van sy tweede Abia, rigters in Berseba.

3. Maar sy seuns het nie in sy weë gewandel nie: hulle het onregverdige wins agternageloop en omkoopgeskenke aangeneem en die reg verdraai.

4. Toe kom al die oudstes van Israel bymekaar, en hulle gaan na Samuel in Rama

5. en sê vir hom: Kyk, u is oud en u seuns wandel nie in u weë nie; stel nou 'n koning oor ons aan om ons te rig soos by al die nasies.

6. Maar die woord was verkeerd in die oë van Samuel toe hulle gesê het: Gee ons 'n koning om ons te rig, en Samuel het tot die Here gebid.

7. Toe sê die Here vir Samuel: **Luister na die volk in alles wat hulle aan jou sê, want nie jou het hulle verwerp nie, maar My het hulle verwerp om nie koning oor hulle te wees nie.**

8. Soos al die werke wat hulle gedoen het, van die dag af dat Ek hulle uit Egipte laat optrek het tot vandag toe, dat hulle My verlaat en ander gode gedien het – so doen hulle ook met jou.
9. Luister dan nou na hulle: jy moet hulle net ernstig waarsku en hulle die reg van die koning meedeel wat oor hulle sal regeer.
10. Samuel het toe al die woorde van die Here oorgebring aan die volk wat 'n koning van hom gevra het.
11. En hy het gesê: **Dit sal die reg wees van die koning wat oor julle sal regeer:** Julle seuns sal hy neem en hulle vir homself aanstel by sy wa en by sy perde, dat hulle voor sy wa uithardloop;
12. en om hulle vir homself aan te stel as owerstes oor duisend en owerstes oor vyftig, en om sy land te ploeg en om sy oes in te samel, en om sy oorlogswapens en gereedskap vir sy strydwaens te maak.
13. Ook julle dogters sal hy neem as salfmengsters en as kooksters en baksters.
14. En van julle lande en julle wingerde en julle olyfboorde sal hy die beste neem en aan sy dienaars gee.
15. En van julle saailande en julle wingerde sal hy die tiendes neem en dit aan sy hofdienaars en sy dienaars gee.
16. En julle slawe en slavinne en julle beste jongmanne en julle esels sal hy neem en vir sy werk gebruik.
17. Van julle kleinvee sal hy die tiendes neem, en self sal julle sy slawe wees.
18. En in die dag sal julle roep vanweë jul koning wat julle vir jul verkies het, en die Here sal julle in die dag nie verhoor nie.
19. Maar die volk het geweier om na Samuel te luister en gesê: Nee, maar daar moet 'n koning oor ons wees,
20. dat ons ook kan wees soos al die nasies – dat ons koning ons kan rig en voor ons uit trek en ons oorloë voer.

Israel het daarop aangedring om 'n koning te hê i.p.v. om vir God te gehoorsaam.

- 2 Kon. 20:1-7** In die dae het Hiskia dodelik siek geword; en Jesaja, die seun van Amos, die profeet, het by hom gekom en vir hom gesê: **So spreek die Here: Gee bevel aan jou huis, want jy sal sterwe en nie lewe nie.**
2. Toe draai hy sy gesig na die muur, en hy het gebid tot die Here en gesê:
  3. Ag, Here, dink tog daaraan dat ek voor U aangesig in trou en met 'n volkome hart gewandel het en gedoen het wat goed is in U oë. En Hiskia het bitterlik geween.
  4. En Jesaja het die middelste voorhof nog nie uitgegaan nie of die woord van die Here het tot hom gekom en gesê:
  5. Draai om en sê vir Hiskia, die vors van My volk: So spreek die Here, die God van jou vader Dawid: Ek het jou gebed gehoor, Ek het jou trane gesien; kyk, Ek sal jou gesond maak; op die derde dag sal jy opgaan na die huis van die Here.
  6. En Ek sal vyftien jaar by jou dae byvoeg en jou en hierdie stad uit die hand van die koning van Assirië red, en ook hierdie stad beskut ter wille van My en my kneg Dawid.
  7. Verder sê Jesaja: Bring 'n vyekoek; en hulle het dit gaan haal en op die sweer gesit, en hy het gesond geword.

Hiskia het God gemanipuleer en Sy Toelatende wil verkry.

**2 Kon. 21:1-6** Manasse was twaalf jaar oud toe hy koning geword het, en hy het vyf-en-vyftig jaar in Jerusalem geregeer; en die naam van sy moeder was Hefsiba.  
**2. En hy het gedoen wat verkeerd was in die oë van die Here, volgens die gruwels van die nasies, wat die Here voor die kinders van Israel uit verdrywe het.**

3. En hy het die hoogtes weer gebou wat sy vader Hiskia verniel het, en altare opgerig vir Baal en 'n heilige boomstam gemaak, soos Agab, die koning van Israel, gemaak het, en hom gebuig voor die hele leer van die hemel en hulle gedien;

4. ook het hy altare gebou in die huis van die Here, waarvan die Here gesê het: In Jerusalem sal Ek My Naam vestig.

5. En hy het altare gebou vir die hele leer van die hemel in altwee die voorhove van die huis van die Here;

6. ook sy seun deur die vuur laat deurgaen en met goëlery en verklaring van voortekens omgegaan en dodebesweerders en waarsêers aangestel; hy het baie gedoen wat verkeerd was in die oë van die Here om Hom te terg.

Manasse het al die goeie wat sy vader Hiskia gedoen het, vernietig.

- Jesebel lei jou om dinge in die vlees te eis i.p.v. in die Gees.
- Jesebel laat jou voel om dood te gaan.

**1 Kon. 19:1-4** En Agab het aan Isebel meegedeel alles wat Elia gedoen het, ja, alles – hoe hy al die profete met die swaard gedood het.

**2. Daarop stuur Isebel 'n boodskapper na Elia om te sê: Mag die gode so doen en so daaraan toedoen – sekerlik sal ek more sulke tyd jou siel maak soos die siel van een van hulle.**

**3. Toe hy dit sien, het hy hom klaargemaak en ter wille van sy lewe weggegaan.** En toe hy in Berseba in Juda aangekom het, het hy sy dienaar daar laat agterbly;

4. maar self het hy 'n dagreis ver die woestyn ingegaan en daar onder 'n besembos gaan sit en gewens dat hy mag sterwe. En hy sê: Dit is genoeg, neem nou my siel weg, Here, want ek is nie beter as my vaders nie.

Elia wou sterf.

**Jona 4:1-3** Maar Jona was hieroor erg ontstemd, en hy het kwaad geword.

2. Toe bid hy tot die Here en sê: Ag, Here, het ek dit nie gedink terwyl ek nog in my land was nie? Daarom het ek tevore na Tarsis gevlug; want ek het geweet dat U 'n genadige en barmhartige God is, lankmoedig en groot van goedertierenheid, en Een wat berou het oor die onheil.

**3. O, Here, neem dan nou tog my siel van my weg, want dit is vir my beter om te sterwe as om te lewe.**

Jona begeer om te sterf na 'n groot oorwinning.

- Subtiliteite i.v.m. Jesebel.
- Die regverdige word vernietig of amper vernietig.
- Dit laat jou die regte ding op die verkeerde manier doen.

**1 Kron. 13:1-4, 9-12 & 1 Kron 15:13** En Dawid het raad gehou met die owerstes oor duisend en oor honderd, met elke bevelhebber;

2. en Dawid het aan die hele vergadering van Israel gesê: As julle dit goedvind en dit van die Here onse God is, laat ons ons versprei en na ons broers stuur wat nog oor is in al die landstreek van Israel, en saam met hulle na die priesters en die Leviete in die stede waar hulle weiveld het, dat hulle by ons bymekaarkom.
3. En laat ons die ark van onse God na ons toe oorbring, want in die dae van Saul het ons daar nie na gevra nie.
4. Toe sê die hele vergadering dat hulle so moes doen, want die saak was reg in die oë van die hele volk.

**1Kron. 13:9-12** Toe hulle by die dorsvloer van Kidon kom, het Ussa sy hand uitgesteek om die ark vas te hou, want die osse het gestruikel. Daarop het die toorn van die Here ontvlam teen Ussa, en Hy het hom getref, omdat hy sy hand na die ark uitgesteek het, sodat hy daar voor die aangesig van God gesterf het.

2. En Dawid het ontroerd geword, omdat die Here 'n skeur aan Ussa geskeur het; daarom het hy daardie plek genoem Peres-Ussa, tot vandag toe.
3. En Dawid het daardie dag vir God bevrees geword en gesê: Hoe kan ek die ark van God na my toe bring?

**1 Kron. 15:13** Want omdat julle in die begin nie by was nie, het die Here onse God teen ons uitgebreek, omdat ons Hom nie gesoek het soos dit behoort nie.

- Jesebel kruip weg agter ander geeste, wat gebruik word as rookskerms.

**Jes. 47:10** En jy het op jou boosheid vertrou, jy het gesê: Niemand sien my nie! Jou wysheid en jou kennis het jou verlei, sodat jy in jou hart gesê het: Ek is dit, en niemand anders nie!

## **JESEBEL BEINVLOED VIR ONS, ONS GESINNE, EN ONS TOEKOMSTIGE GESLAGTE**

**Open. 2:21-23** En Ek het haar tyd gegee om haar van haar hoerery te bekeer, en sy het haar nie bekeer nie. Kyk, Ek werp haar neer op 'n siekbed en die wat met haar owerspel bedryf, in 'n groot verdrukking, as hulle hul nie van hul werke bekeer nie.

**En haar kinders sal Ek sekerlik doodmaak**, en al die gemeentes sal weet dat dit Ek is, wat niere en harte deursoek, en Ek sal aan elkeen van julle gee volgens sy werke.

Jesebel kan veroordeling bring oor Jesebel se kinders.

**Jos. 9:14-16 & 2 Sam. 21:1** Toe neem die manne van hulle padkos; maar die mond van die Here het hulle nie geraadpleeg nie. En Josua het met hulle vrede gemaak en met hulle 'n verbond gesluit, dat hy hulle sou laat lewe; en die owerstes van die vergadering het hulle dit met 'n eed beloof. Maar aan die einde van drie dae, nadat die verbond met hulle gesluit was, hoor die volk dat hulle in hul nabyheid en tussen hulle in woon.

**2 Sam. 21:1** En toe daar in die dae van Dawid 'n hongersnood was, drie jaar lank, jaar na jaar, het Dawid die aangesig van die Here gesoek; en die Here het gesê: Vanweë Saul en wanweë sy huis waarop bloedskulde rus, omdat hy die Gibeoniete omgebring het.

Jesebel bring oordeel op die grond.

**2 Sam. 11:14-15** En in die more skrywe Dawid 'n brief aan Joab en stuur dit met Uria weg. En hy het in die brief geskrywe en gesê: Sit Uria op die voerpunt van die hewigste geveg; trek julle dan agter hom terug, dat hy in die slag kan sneuwel.

**2 Sam. 12:14-15** Maar omdat u die vyande van die Here deur hierdie saak aanleiding gegee het om grootliks te laster, sal die kind wat vir u gebore is, ook sekerlik sterwe. Toe gaan Natan na sy huis. En die Here het die kind wat die vrou van Uria vir Dawid gebaar het, getref, sodat dit ernstig siek geword het.

Toe Dawid dit gebruik het, het Batseba se kind gesterf.

**1 Kon. 21:29** Het jy gesien dat Agab hom voor my aangesig verneder het? Omdat hy hom voor my aangesig verneder het, sal Ek die onheil in sy dae nie bring nie; in die dae van sy seun sal Ek die onheil oor sy huis bring.

Ons sien hoedat Agab se gesin gely het.

**Gen. 16:16** En Abram was ses-en-tagtig jaar oud toe Hagar Ismael vir Abram gebaar het.

**Gen. 17:1** Toe Abram negen-en-negentig jaar oud was, het die Here aan Abram verskyn en vir hom gesê: Ek is God, die Almagtige; wandel voor My aangesig, dan sal jy opreg wees.

Abram het vir 13 jaar nie van God gehoor nie.

## HOE WORD ONS BEVRY VAN JESEBEL?

- Bely

**1 Kon. 21:27-29** En toe Agab hierdie woorde hoor, het hy sy klere geskeur en 'n roukleed om sy lyf gebind en gevas; hy het ook met die roukleed geslaap en stadig rondgeloop.

Toe kom die woord van die Here tot Elia, die Tisbiet, en sê:

**Het jy gesien dat Agab hom voor My aangesig verneder het?** Omdat hy hom voor My aangesig verneder het, sal Ek die onheil in sy dae nie bring nie; in die dae van sy seun sal Ek die onheil oor sy huis bring.

**1 Joh. 1:9** As ons ons sondes bely, Hy is getrou en regverdig om ons die sondes te vergewe en ons van alle ongeregtheid te reinig.

**Open. 2:21** En Ek het haar tyd gegee om haar van haar hoerery te bekeer, en sy het haar nie bekeer nie.

- **Bevryding deur vergifnis**

**Mat 6:14-15** Want as julle die mense hulle oortredinge vergewe, sal julle hemelse Vader julle ook vergewe. Maar as julle die mense hulle oortredinge nie vergewe nie, sal julle Vader julle oortredinge ook nie vergewe nie.

**Joh. 20:23** As julle die mense hulle sondes vergewe, dan word dit hulle vergewe; as julle die mense hulle sondes hou, dan is dit gehou.

- **Verander jou weë**

**Jer. 7:3** So sê die Here van die leërskaar, die God van Israel: **Maak julle weë en julle handeling goed**, dat Ek julle kan laat woon in hierdie plek.

- **Verbreek hierdie wortel van ongeregtigheid**

**Open. 2:22-23** Kyk, Ek werp haar neer op 'n siekbed, en die wat met haar owerspel bedryf, in 'n groot verdrukking, as hulle hul nie van hul werke bekeer nie. En haar kinders sal Ek sekerlik doodmaak, en al die gemeentes sal weet dat dit Ek is wat niere en harte deursoek, en Ek sal aan elkeen van julle gee volgens sy werke.

- **Vas en bid om totale bevryding te kry.**

**Ester 4:15-17** Toe sê Ester dat hulle Mordegai moes antwoord: **Gaan heen, versamel al die Jode wat in Susan te vinde is, en vas julle om my ontwil; en julle moet nie eet en drink nie, drie dae lank, nag en dag; ek ook met my diensvrou sal net so vas;** en so sal ek na die koning ingaan, wat nie volgens wet is nie, en as ek omkom, dan kom ek om. En Mordegai het heengegaan en gedoen net soos Ester hom opgedra het.

**Mat. 17:21** Maar hierdie geslag gaan nie uit behalwe deur gebed en vas nie.

- **Verbreek die vloek van wettisisme.**

**Gal. 3:10** Want almal wat uit die werke van die wet is, is onder die vloek; want daar is geskrywe: Vervloek is elkeen wat nie bly in alles wat geskryf is in die boek van die wet om dit te doen nie.

- **Leer om stil te word en te wag op God.**

**1 Sam. 3:9-11** Daarom het Eli vir Samuel gesê: **Gaan lê, en as Hy jou roep, moet jy antwoord: Spreek Here, want U kneg hoor.** Toe het Samuel geloop en op sy plek gaan lê.

10. Toe het die Here gekom en gaan staan en geroep soos die vorige kere: Samuel, Samuel! En Samuel het geantwoord: Spreek, want U kneg hoor.

11. Toe het die Here aan Samuel gesê: Kyk, Ek gaan 'n ding doen in Israel waarvan elkeen wat dit hoor, se twee ore sal tuit.

**Jes. 40:31** ...**maar die wat op die Here wag, kry nuwe krag**; hulle vaar op met vleuels soos die arende; hulle hardloop en word nie moeg nie, hulle wandel en word nie mat nie.

**Jes. 52:11-12** Vertrek, vertrek, gaan weg daarvandaan, raak nie aan wat onrein is nie; gaan uit hulle midde uit, reinig julle, draers van die heilige voorwerpe van die Here! 12. **Want julle sal nie baie haastig weggaan en nie soos vlugteling vertrek nie**; want die Here trek voor julle uit, en die God van Israel is julle agterhoede.

- **Wandel in die geloof op 'n nuwe manier.**

**Spreuke 3:5-6** **Vertrou op die Here met jou hele hart en steun nie op jou eie insig nie.** 6. Ken Hom in al jou weë, dan sal Hy jou paaie gelykmaak.

**1 Kor. 2:1-5**

1. **En toe ek by julle gekom het, broeders, het ek nie aan julle die getuienis van God kom verkondig** met voortreflikheid van woorde of van wysheid nie,

2. want ek het my voorgeneem om niks anders onder julle te weet nie, as Jesus Christus, en Hom as gekruisigde.

3. Ek was ook by julle in swakheid en in vrees en in veel bewing;

4. **en my rede en my prediking was nie in ooredende woorde van menslike wysheid nie, maar in die betoning van gees en krag,**

5. sodat julle geloof nie in wysheid van mense sou bestaan nie, maar in die krag van God.

**Gal. 3:11** En dat niemand deur die wet by God geregverdig word nie, is duidelik; want **die regverdige sal uit die geloof lewe.**

- **Wees vol van die Woord.**

**Joh. 15:7** As julle in My bly en My woorde in julle, sal julle vra net wat julle wil hê, en julle sal dit verkry.

**Rom. 10:17** Die geloof is dus uit die gehoor, en die gehoor is deur die Woord van God.

- **Moenie kompromeer nie.**

**Dan. 3:16-18** Sadrag, Mesag en Abednego het geantwoord en aan koning Nebukadnesar gesê: Ons ag dit nie nodig om u hierop 'n antwoord te gee nie.  
 17. As onse God wat ons dien, in staat is om ons te verlos, dan sal Hy ons uit die brandende vuuroond en uit u hand, o koning, verlos;  
 18. maar so nie, laat dit u dan bekend wees, o koning, dat ons u gode nie sal dien nie en die goue beeld wat u opgerig het, nie sal aanbid nie.

**Dan. 6:10-13** Hierop het koning Darius die bevelskrif en die verbod geskrywe. En net toe Daniël verneem dat die bevelskrif geskrywe was, het hy in sy huis gegaan; en hy het in sy bo-kamer vensters gehad wat oop was in die rigting van Jerusalem, en hy het drie maal op 'n dag op sy knieë geval en gebid en lofprysinge uitgespreek voor sy God, net soos hy tevore gedoen het.  
 12. Daarop het daardie manne aangestorm en Daniël gevind terwyl hy bid en voor sy God om genade smeek.  
 13. Hulle het toe nader gekom en voor die koning oor die koninklike verbod gespreek: Het u nie 'n verbod geskrywe dat elkeen wat gedurende dertig dae 'n versoek doen aan enige god of mens behalwe aan u, o koning, in die leeu kuil gegooi moet word nie? Die koning het geantwoord en gesê: Die saak staan vas volgens onherroepelike wet van Meders en Perse.

- **Leer om nederig te wees.**

**Fil. 2:5-11** Want hierdie gesindheid moet in julle wees wat ook in Christus Jesus was.  
 14. **Hy, wat in die gestalte van God was, het dit geen roof geag om aan God gelyk te wees nie,**  
 15. **maar het Homself ontledig deur die gestalte van 'n dienskneg aan te neem** en aan die mense gelyk geword;  
 16. en in gedaante gevind as 'n mens, het Hy Homself verneder deur gehoorsaam te word tot die dood toe, ja, die dood van die kruis.  
 17. Daarom het God Hom ook uitermate verhoog en Hom 'n naam gegee wat bo elke naam is,  
 18. sodat in die Naam van Jesus sou buig elke knie van die wat in die hemel en die wat op die aarde en die wat onder die aarde is,  
 19. en elke tong sou bely dat Jesus Christus die Here is tot heerlikheid van God die Vader.

- **Wees gewillig om jou te onderwerp en te sterf aan jouself.**

**Mat. 26:38-39** Toe sê Hy vir hulle: My siel is diep bedroef tot die dood toe; bly hier en waak saam met My. 39. En Hy het 'n bietjie verder gegaan en op Sy aangesig geval en gebid en gesê: **My Vader, as dit moontlik is, laat hierdie beker by My verbygaan; nogtans nie soos Ek wil nie, maar soos U wil.**



- **Lei 'n Geesvervulde lewe.**

**Rom. 8:14 Want almal wat deur die Gees van God gelei word, die is kinders van God.**

**Efes. 6:18 ... terwyl julle met alle gebed en smeking by elke geleentheid bid in die Gees, en juis daartoe waak met alle volharding en smeking vir al die heiliges ...**

- **Leer God en Sy weë ken.**

**Jes. 55:8-11 Want My gedagtes is nie julle gedagtes nie, en julle weë is nie My weë nie, spreek die Here.**

Want soos die hemel hoër is as die aarde, so is my weë hoër as julle weë en My gedagtes as julle gedagtes.

10. Want soos die reën en die sneeu van die hemel neerdaal en daarheen nie terugkeer nie, maar die aarde deurvogtig en maak dat dit voortbring en uitspruit en saad gee aan die saaier en brood aan die eter;

11. so sal My Woord wees wat uit My mond uitgaan: dit sal nie leeg na My terugkeer nie, maar doen wat My behaag en voorspoedig wees in alles waartoe Ek dit stuur.

**Dan 11:32 ...maar die volk wat hulle God ken, sal vashou en optree.**

## **TOEPASSING VAN DIE LES**

### **1. Wat is die drie hoof karakter-eienskappe van Jesebel?**

1.

2.

3.

### **2. Watter vorm van dominerend, intimidering of manipulerend word aangetoon in die volgende:**

**a) 1 Samuel 17:1-16**

**b) 1 Konings 21:4**

**c) 2 Korinthiërs 11:3**

**d) Genesis 3:6-7**

**e) Esra 4:6-24**

**f) Mattheus 17:24-27**

**3. Hoe is manipulatie gebruik in:**

**a) Genesis 16:1-16**

**b) 2 Konings 10:1-10**

**4. Gee 'n voorbeeld van hoedat Jesebel jou kan beweeg tot "ek wens ek kan doodgaan"**

**5. Wat was die gevolge toe Dawid 'n Jesebel-taktiek gebruik het in 2 Samuel 11 en 12?**

**6. Hoe het hierdie les oor Jesebel jou gehelp?**

## JESEBEL-GEES

### Berader:

Agtergrond-inligting:- Jesebel begin met afgodediens en astrologie. Moeder/kind kultus begin.

Haar naam beteken: ‘unexalted; onverhoogbaar’ – ‘without cohabitation; woon met niemand saam’.

### Haar doelstelling en karaktereenskappe:

**Word innerlik gedryf deur: perversiteit, rebellie, trots, arrogansie, hooghartigheid, heksery, ens.**

Alles word gedoen om SELF te bevredig op alle gebiede: materieel en fisies (vlees). Ook onleerbaar, onafhanklik, arrogant, ens.

Dit kan manifesteer deur vroue sowel as deur mans.

- Hardkoppigheid – “ek sal doen soos ek wil!”
- Wil die ware profete van God vernietig en uit die weg ruim. **(1 Kon. 18:3-4)**.
- Weerstaan die werking van die Heilige Gees.
- Probeer altyd Godgegewe leierskap afbreek en die eie ek te bevredig.
- Misbruik outoriteit en leierskap (bv. in gesin, kerk, werk, ens.)
- Probeer altyd leierskap infiltrer.
- Verwek vrees (bv. in werksituasie, kinders, huwelik, verhoudings, ens.)
- Gaan hand aan hand met afgodery en heksery, wat deel was van die lewe van Jesebel **(2 Kon. 9:22)**
- Bring die Agab-gees in andere na vore. (Agab-gees ‘sulk’ omdat hy nie sy sin kan kry nie, word depressief en kwaad. Weier om te praat en probeer so ander manipuleer).
- Dit reageer in die vlees (bv. dreig, “tantrum”, ens.)
- Manipuleer mense op emosionele vlak (probeer hulle kry om te doen soos jy wil).
- Skuil agter godsdienstige dade.
- Lieg en bedrieg.
- Verdraai die betekenis van mense se woorde.

Wanneer Jesebel kontrole verkry, (bv. in ‘n kerk) kan so ‘n instansie vernietig word.

- Dit begin manifesteer in die vlees, volgens rigiede wette.
- Die Gees word weerhou om te vloei.
- Tradisie vervang openbaring.
- Ongehoorsaamheid vervang gehoorsaamheid.

- Vleeslike werke vervang die Gees se inspirasie.
- Dit kom onder die vloek van die wet.

### **MODUS OPERANDI – VALS GODSDIENS:**

- Hulle intimideer met hulle houding van “ons weet dit alles”
- Bid aanmekaar en sit voor die Here.
- Hulle is geleerd, het vir baie jare studeer en ons as leke kan hulle niks vertel nie.
- Manipuleer ander met hul teologie.
- Manipuleer ander vanuit hul leierskaps-posisie.
- Manipuleer ander met geestelike kennis, ondervinding en oorgeestelikheid.
- Hulle hoor *altyd* van die Here.
- Hulle is die mans, en vroue moet luister wat hulle sê, of omgekeerd.
- Wetties en konserwatief. Gaan na selgroepe, stel leier of spreker in slegte lig; of ‘counsel hopping’.
- Maak beskuldigings met die doel om seer te maak.
- Manipuleer met trane.
- Afkraak, verneder, sny met die Woord.
- Baie praat.
- Seks en sodra eie begeerte bevredig is – skuldgevoelens.
- Woede.
- Verwarring (misleiding).
- PMS – PERMANENT MARITAL STRESS
- Manipulasie met geld.
- Slim, manipulerende sprekers.

Jesebel-gees beheer persone, huwelike, gesinne, families, gemeentes, ens. met 5 koorde:

- 1. HEKSERY**
- 2. KOMPROMIE**
- 3. SEKSUELE ONGEREGTIGHEID**
- 4. DIM = DOMINERING, INTIMIDERING, EN MANIPULERING**
- 5. GODSDIENSTIGHEID.**

Volgens **Jesaja 47** is sy verantwoordelik vir:

1. Seniliteit met ouderdom – v6
2. Dwelmmisbruik – v9
3. Okkultiese heksery – v9
4. Ongemagtigde seksuele sondes – v8
5. Vrees – v12 (werk deur bv. massamoordenaars, verkragters, ens)
6. Astrologie – v13

Sterk moederfiguur > seun sal 'n "valse self" hê > sal manifesteer in roekeloosheid of wegbreker of revolusie.

Die man probeer die versmorende kombes van feminisering van hom afgooi.

Indien beide ouers sterk is en teen mekaar meeding vir leierskap > psigologiese verwarring > vals persoonlikhede in kinders.

#### DIE SKRIFTUURLIKE GEVOLGE WAAR JESEBEL GEES HEERS:

Werp haar op 'n siekbed

- Die meeste kankers is Jesebel seoordeel.

Slaan haar kinders dood

- Homoseksualiteit
- Egskeiding is 'n produk van Jesebel
- Vroulike oorheersing
- Persone wat uit gebroke huise kom, het dikwels sterk geeste van die dood.

Groot vervolging – uiterste oordeel

- Skisofrenie – verstandelike versteurdheid wat gekenmerk word deur gebrek aan kontak met die werklikheid en deur die disintegrasie van persoonlikheid.
- Schizothymia – gaan skisofrenie vooraf.  
Dubbelhartigheid – **Jak. 1:7,8** – "Het 2 siele"
- Twyfel en onstabiliteit. 'n Vals persoonlikheid wat swakheid en onsekuriteit veroorsaak. "Jesebel se kind" binne-in. Die "kind" is 'n alternatiewe persoonlikheid – swak en onseker, vol vrees, opstandig, seksueel afwykend of ander karaktertrekke teen die ware self. 'n Sterk dominante moeder/ouma en passiewe vader > produseer dubbelhartige kinders/kleinkinders.
- Vrug wat dan deurkom is:
  - # Manipulasie
  - # Dominering
  - # Intimidasie
  - # Homoseksualiteit (Jesebel vermoor haar seuns se manlikheid)
  - # Obsessie om te beheer of in beheer te wees.
  - # Lastering
  - # Bloedskande

## JESEBEL-GEES .... OPEN. 2:20-23

### VERLOËNINGS-GEBED

#### PERSOON:

Vader, ek staan vandag namens myself, sowel as namens my voorgeslag, voor U in die Naam van Jesus Christus. Ek wil skuldig pleit vir die feit dat ek toegelaat het dat die Jesebel-gees met haar 5 koorde deur my gewerk het, of dat ek toegelaat het dat dit oor my heers en ek in die Agab-gees beweeg het.

Ek kies om myself onder U Hand te verneder, sodat U my kan verhoog op die tyd wat U daarvoor bepaal het.

Ek bely dat ek deur my leefwyse en optrede die volgende sondes gepleeg het:

- U profete vernietig / teengestaan het (bv. in jou eggenoot, kind, ander, ens.)
- U outoriteits-strukture vernietig / teengestaan het (bv. ouers, onderwysers, huwelik, regering, ens.)
- Ek het my eie ego bevredig.
- Ek het teen die werk van die Heilige Gees gegaan of gestaan en die vloei van U Gees verhinder.
- Afgodery (bv. kennis, eie menings, kerk, tradisies, ens.)
- Heksery (bv. okkulte, of emosionele manipulering).
- Na die begeertes van die vlees gewandel het.
- Die Agab-gees in andere laat voortkom het.
- Die Agab-gees deur myself laat manifesteer het.
- My outoriteit en leierskap misbruik het.
- Mense se woorde verdraai het (om self goed te lyk).
- U woorde verdraai het, selfs in U Naam gesprek het wat U nie werklik gesê het nie.
- Leiers teëgegaan het.
- **Vrou:** My man, vader, leiers, werkgewers, ouers, se outoriteit ondergrawe en teëgegaan het en nie U voorskrifte gevolg het betreffende my gesinslede en ondergeskiktes nie.
- Leuens en agterbaksheid / blaam en suspisie op ander geplaas het.
- Gedomineer, geintimideer en gemanipuleer het.
- U Woord nie gehoorsaam het nie.
- **Man:** My vrou, gesinslede, ondergeskiktes, ouers, ens. nie behandel het volgens U voorskrifte nie (nie my posisie ingeneem as priester, koning en profeet nie.)
- Ander se moed gebreek het om U te volg en te gehoorsaam.
- Rebelle in al sy vorme in my lewe!
- Hardkoppigheid.

- Trots, arrogansie en beteweterigheid.
- Ander vals beskuldig en hul moed gebreek en bitterheid veroorsaak het (bv. huwelik, gesinslede, werknemers, andere).
- Kritiek, leuens en afbrekendheid.
- Begeerte na materiële welstand my beïnvloed het om myself en ander in probleme te beland en U Heilige Gees se waarskuwings te verontagsaam.
- Seksuele immoraliteit in al sy vorme.
- Manipulasie deur seks.
- Dat ek hierdie gees op my kinders en nageslag oorgedra het.
- Dat ek ander met vrees probeer intimideer het.
- Dat ek tradisie gehoorsaam en gevolg het, i.p.v. openbaringskennis.
- Dat ek die wet gevolg en toegepas het, i.p.v. die Heilige Gees.
- Ander in gevangenskap gebring het (bv. verhoudinge, huwelik, kinders, ondergeskiktes, ens.)
- Ander probeer beheer het deur 'n godsdienstige masker, kennis, geheimsinnigheid, werke, lang, leë gebede, ondervindinge, en supergeestelikheid.
- Woedebuie en verwarring wat ek geskep het.
- Bo-oor ander mense gehardloop of op hulle getrap het.

Vader, ek vra om vergifnis vir hierdie sondes. Ek kom staan vandag voor U op grond van U groot genade en die volmaakte Kruiswerk van Jesus, sowel as die versoening wat Hy vir my by U bewerk het. Op grond hiervan wil ek vandag vir U vra dat U my hande sal reinig van al die genoemde sondes, ook die waarvan ek nog nie eens bewus is nie. Reinig ook asseblief my hart, Vader!

Ek kom pleit ook by U vir die siel en verlossing van elke ander persoon wie ek ooit in my leeftyd besoedel het met my ingesteldheid en optrede. Ek vra nederig om vergifnis dat ek 'n struikelblok was vir hulle en ek vra dat U hierdie vuil kleeftuk wat ek tot nou toe gedra het, sal verwyder en my sal beklee met nuwe klere.

Ek vra vergifnis dat ek gedrink het uit hierdie beker van Jesebel en my laat beheer het deur:

1. Okkultiese geeste
2. Kompromie (afgodery) deur U dissipline af te water en nie respek vir U te toon nie.
3. Immoraliteit en afgodery.
4. DIM = Domineer, intimideer, manipuleer.
5. Valse godsdienstigheid.

Ek vra dat U my nou sal verlos en bevry van hierdie **5 koorde** waarmee die gees van Jesebel my vir so lank beheer het, in die Naam van Jesus Christus.



Dankie vir volmaakte verlossing deur die Naam en Bloed van Jesus, deur die Swaard van U Woord en die woord van ons getuienis: – **Open. 12:11** – “En hulle het hom oorwin deur die Bloed van die Lam en deur die woord van hulle getuienis, en hulle het tot die dood toe hulle lewe nie liefgehad nie.”

Ek bid ook, Heilige Gees, dat U my sal begelei op hierdie nuwe pad en dat U my sal help in hierdie proses van die vernuwing van my verstand in hierdie areas. Ek bid dat U die vertakkings van die werking van die Jesebel gees uit my lede sal trek, totdat daar niks oorbly nie.

**Berader:**

**Voorbeeld van gebed:**

*Neem hierdie koorde en sny hulle een vir een:*

1.

*Ek spreek jou nou aan, Jesebel in die geestesrealm, en ek verklaar dat ek daardie koord van OKKULTIESE MAGTE sien tussen jou en jou setel in ..... Ek neem nou die Swaard van die Gees en ek sny hierdie koord van OKKULTIESE MAGTE los in die Naam van Jesus Christus. Daar staan geskrywe in*

**2 Sam. 22:32-37:** “Want wie is God buiten die Here, en wie ‘n rots buiten onse God? Die God wat my sterk toevlug is, en Hy het vir my ‘n weg volkomelik uitgesoek. Hy maak my voete soos die van herte en laat my staan op my hoogtes. Hy leer my hande om oorlog te voer, sodat my arms ‘n koperboog span. En U het my die skild van U uitredding gegee, en U neerbuigende goedheid het my groot gemaak. U het my voetstap onder my ruim gemaak, en my enkels het nie gewankel nie.”

2.

*Ek spreek jou nou aan, Jesebel in die geestesrealm, en ek verklaar dat ek daardie koord van KOMPROMIE sien tussen jou en jou setel in .....*

*Ek neem nou die Swaard van die Gees en ek sny hierdie koord van KOMPROMIE los in die Naam van Jesus Christus. Daar staan geskrywe in*

**Hand. 24:14b** – “Julle het al hierdie kwaad gedoen; maar wyk nie van die Here af nie, en dien die Here met julle hele hart.”

**Mat. 22:37** – “Jy moet die Here jou God liefhê met jou hele hart en met jou hele siel en met jou hele verstand.”

3.

*Ek spreek jou nou aan, Jesebel in die geestesrealm, en ek verklaar dat ek daardie koord van IMMORALITEIT (AFGODERY) sien tussen jou en jou setel in ..... Ek neem nou die Swaard van die Gees en ek sny hierdie koord van IMMORALITEIT los in die Naam van Jesus Christus. Daar staan geskrywe in*

**Open. 19:7** – “Laat ons bly wees en ons verheug en aan Hom die heerlijkheid gee, want die bruilof van die Lam het gekom en Sy vrou HET HAAR GEREED GEMAAK.”

4.

*Ek spreek jou nou aan, Jesebel in die geestesrealm, en ek verklaar dat ek daardie koord van DOMINERING, INTIMIDERING EN MANIPULERING sien tussen jou en jou setel in ..... Ek neem nou die Swaard van die Gees en ek sny hierdie koord van DIM los in die Naam van Jesus Christus. Daar staan geskrywe in*

**Joh. 10:2-5** – “Maar hy wat by die deur ingaan, is ‘n herder van die skape. Vir hom maak die deurwagter oop, en die skape luister na Sy stem; en Hy roep Sy eie skape by hulle naam en lei hulle uit. En wanneer Hy Sy eie skape uitbring het, loop Hy voor hulle uit; en die skape volg Hom, omdat hulle Sy stem ken. Hulle sal ‘n vreemde nooit volg nie, maar van hom weglug, omdat hulle die stem van die vreemdes nie ken nie.”

5.

*Ek spreek jou nou aan, Jesebel in die geestesrealm, en ek verklaar dat ek daardie koord van VALS GODSDIENSTIGHEID sien tussen jou en jou setel in ..... Ek neem nou die Swaard van die Gees en ek sny hierdie koord van VALS GODSDIENSTIGHEID los in die Naam van Jesus Christus. Daar staan geskrywe in*

**Joh. 4:24** – “God is Gees; en die wat Hom aanbid, moet in Gees en waarheid aanbid.”

**Persoon bid self:**

**Vader, in die Naam van Jesus Christus, U Seun, verklaar ek nou:**

- ‘n egskeiding met die gees van Jesebel.
- ‘n kansellering van alle aanbidding wat sy ooit ontvang het deur my of my voorgeslag.
- Vernietiging van enige en alle verbode wat met haar gemaak is.
- Verloëning van die Agab-gees.

In die outoriteit van die Naam van Jesus Christus, neem ek nou hierdie setel in myself in besit en oorhandig dit aan die Koninkryk van God.

Vader, in Jesus Naam vra ek dat U die volgende vloeke en gevolge a.g.v. my en my voorgeslag se betrokkenheid by hierdie Jesebel gees se aktiwiteite, oor my en my nageslag sal verbreek:

- ❑ Vloek van 'n bed van pyn en lyding
- ❑ Terneergedruktheid
- ❑ Vloek van uiterste oordeel
- ❑ Vloek van die dood (**Open.2:22,23**)
- ❑ Vloek van vernedering en naaktheid.
- ❑ Vloek van slawerny
- ❑ Vloek van seniliteit
- ❑ Vloek van homoseksualiteit en lesbianisme
- ❑ Vloek van kanker
- ❑ Skisofrenie
- ❑ Vloek van egskeiding
- ❑ Vloek van vroulike oorheersing
- ❑ Vloek van manlike oorheersing
- ❑ Twyfel en onstabilliteit
- ❑ Bloedskande
- ❑ Lastering
- ❑ Verlies van kinders
- ❑ Verlies van huweliksmaat
- ❑ Vloek van rampe en booshede
- ❑ Eensaamheid en verlatenheid
- ❑ Vloek van hekserij
- ❑ Vervolging

Ek vra dat U elkeen van hierdie vloeke in my en my voor- en nageslag se lewens sal verander in 'n seën.

In die Naam van Jesus Christus bind en werp ek die dogter van Jesebel uit my lewe. Ek spreek vernietiging oor die altare waar Jesebel aanbidding ontvang het in my lewe, en rig 'n altaar daar op vir God.

Daar staan geskrywe in **2 Sam.24:25**: – “Hy het net daar 'n altaar vir die Here gebou en brandoffers en maaltydoffers gebring. Hierna het die Here weer die gebede vir die land verhoor, en die plaag is uit Israel weggeneem.”

***Die vesting in my lewe waar Jesebel gewoon het, word nou vernietig en 'n troon vir Christus Jesus daar gevestig.***

In die Naam van Jesus Christus spreek ek nou verwelking en dood oor alle vrugte van manipulatie deur die gees van hekserij in my lewe.

Ek vra dat U alle suurdeeg wat my laat neig het om onder beheer van hierdie gees te wandel, uit my denkpatrone, wil, emosies en liggaam sal verwyder.

Vader, in Jesus se Naam vra ek dat die gees van Elia in my sal opstaan ten einde Jesebel in die Liggaam van Christus te ontbloot.

Ek bid Vader, dat die harte van die vaders gedraai sal word na die kinders volgens **Mal. 4:5,6.**

Ek bid dat die ongehoorsame gedraai sal word na die wysheid van die regverdige – dat goddelike beginsels geleef sal word in my lewe, ten einde spesifieke probleme die hoof te bied.

Ek vra dat meer en meer geestelike vaders en moeders uit ons midde na vore sal tree om die weg aan te dui en ook om U volk by die hand te neem en hulle in paaie van geregtigheid te lei.

Ek bid, Vader, dat U sal toesien, deur U Gees, dat ek voorberei sal word as deel van U Bruid sonder vlek of rimpel.

Dankie, Abba Vader, vir U groot genade. Seël hierdie gebed nou met die Bloed van Jesus Christus en dankie dat U hoor en verlos!

**AMEN.**